



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas



ONS KEUSES VANDAG: tot in die derde en vierde geslag

Jaargang 17 no 3
Maart 2008

- **Omdat ons Hom liefhet...** 2
- **Ondersteuning vir Gereformeerde onderwys: opsioneel of verpligtend?** 4
- **Triangels in die klas ..** 6
- Kerknuus 8
- Susterkerke in Nederland hou asem op 9
- Waaroor is ons bekommerd? 11
- Anatomie van 'n tragedie 13
- Waar die hart van vol is, loop die lewe van oor! .. 15
- Amazing Grace 18
- Is ons kerkregering werklik die beste? 20
- Van die redaksie(span) 22
- Boekenuus 23

'n Predikant het op 'n stadium probeer om die Nederlandse uitdrukking "Ikke, ikke, ikke, en de rest kan stikke..." in Afrikaans te vertaal. Die resultaat was effens kru, dog doeltreffend: "Ek, ek, ek, en die ander kan vrek..."

Postmodernisme in suiwer Afrikaans! Immers, hierdie vertaalde uitdrukking verwoord op treffende wyse die tydsgees waarbinne ons lewe – ek maak my eie besluite en ek lewe vir myself. Dit klink bevrydend, en op kort termyn mag dit moonlik ook bevrydend wees.

Die praktyk van die lewe bewys egter keer op keer dat geen mens 'n solo-lewe kán lei nie. Elke mens – gemeenskapsweise wat hy is – het ander nodig. En, belangriker nog, die Bybel leer ons dat geen mens 'n solo-lewe mág lei nie. Dit is nie net "ek, ek, ek" nie, want wat ék sê en doen, het 'n impak op ander. My lewe het 'n rimpel-effek... tot in die derde en vierde geslag.

Hierdie laaste woorde, wat deur die redaksie as tema gekies is, is ontleen aan die tweede gebod. Daarin waarsku die Here sy kinders dat hulle keuses met betrekking tot hul diens aan Hom deurwerk na die nageslag. 'n Eenvoudige voorbeeld uit die praktyk kan dit illustreer: wanneer pa en ma nog wel twee maal op 'n Sondag die eredienste bywoon, maar dit nie meer van harte doen nie, dan moet ons nie verbaas wees wanneer hulle kinders in die gewoonte kom om slegs een maal op 'n Sondag kerk toe te kom nie. En wanneer dít die geval is, is die stap vir hulle kinders baie maklik om slegs sporadies kerk toe te kom. En die

volgende geslag dan? Wel, tensy die Here in sy genade ingryp, groei daar uiteindelik 'n geslag wat van die Here weinig of niks meer weet nie...

Die rimpel-effek van die keuses wat ons maak, wil die redaksie in hierdie uitgawe spesifiek toepas op gereformeerde onderwys. My keuse en steun vir gereformeerde onderwys werk deur na my kinders en na die kinders van die gemeente. Wanneer jonk en oud vandag daarvoor kies om ons verbondskinders te laat onderrig in die ware kennis van die Here, dan mag ons vertrou dat ons generasies later nog die vrugte daarvan sal pluk. In die onderskeie tema-artikels word hieraan invulling gegee.

Maar ook op ander gebiede sien ons die effek van die keuses wat ons maak. Dink maar net aan die hele VIGS-vraagstuk (sien artikel van br Theo de Vries elders in hierdie uitgawe). Natuurlik, dit is 'n siekte-vraagstuk, maar dit is ook meer as dit – dit is 'n keuse-vraagstuk! Jou keuses op seksuele gebied kan lewenslange gevolge hê, vir jouself sowel as vir ander. Ons sou nog talle ander voorbeelde kon toevoeg.

Ook ons keuses as redaksie het 'n effek – op ons lesers. Soms is die effek gunstig, ander kere minder gunstig. Daarom nooi ons u uit om u insette te lewer. So mag ons saam die Here dien en liefhê, en Hy bewys barmhartigheid aan duisende van die wat Hom liefhet en sy geboorte onderhou.

Ds Erik van Alten

Omdat ons HOM LIEFHET...

TEMA: Ons keuses vandag: tot in die derde en vierde geslag

Vandag se gesprekke oor die gereformeerde onderwys verloop soms maar 'n bietjie moeisaam. Daar is broers en susters wat vas glo dat ons die wil van die Here doen as ons 'n gereformeerde skool oprig en onderhou. Vir hulle is dit 'n saak van gehoorsaamheid aan God se opdrag vir sy Verbondsvolk. Hulle is bereid om groot offers vir hierdie doel te bring. Aan die ander kant is daar dié wat byvoorbeeld nie die noodsaak van 'n gereformeerde hoërskool sien nie en wat hulle kinders na 'n staatskool stuur, omdat daar, onderwyskundig gesien, beter onderwys aangebied word... Hoe kan ons mekaar opbou as dit gaan oor die onderwys aan ons kinders? 'n Paar gedagtes.

Beter onderwys?

Wanneer ons oor onderwys praat, praat ons dikwels oor *persone wat onderwys gee*. Ons probeer ons keuse verdedig deur aan te toon dat daar uitstekende onderwysers is met 'n goeie opleiding en dat dit presies is wat ons benodig vir ons kinders. Dit is egter nie 'n geldige argument om te gebruik nie. Gereformeerde onderwys **moet** beter wees as staatskole, maar dit is nie altyd so nie. Ons moenie probeer om die oproep tot gereformeerde onderwys te verdedig met wat **mense** doen nie. Die vraag is eerder: hoe kan ons deur die keuses wat ons in ons lewe maak, wys dat ons die Here liefhet? Die bevolking van gereformeerde skole is ook maar sondaars, onderwysers sowel as kinders. Ons veg teen ons sondige natuur, maar ons ervaar terselfdertyd dat ons dit nie altyd doen soos die Here dit van ons verwag nie (sien die Nagmaalsformulier). Laat ons eerlik

wees: ons stel mekaar dikwels teleur. Ons moet almal lewe van God se genade.

Daar word hard gewerk aan 'n eie gereformeerde kurrikulum. Dit is van uiterste belang, want daarmee wys ons wat ons vir ons kinders wil leer. Dit is egter nie net die mense en die leerinhoud wat bepaal of die skool goed genoeg is vir God se kinders nie. Wat daar buiten die amptelike lesinhoud gebeur, is minstens net so belangrik. As jy mense uitvra oor wat hulle onthou van hulle skooltyd, hoor jy stories oor onderwysers, leerlinge en dinge wat gebeur het. Met ander woorde: dit is nie soseer die lesinhoud wat bewustelik onthou word nie. Dit gaan oor die vormende ervarings met mense: hoe lekker dit vir jou was of juis nie was nie en hoe jy geraak is deur dinge wat gebeur het. Die belangrike vraag is dus: is die klimaat by die skool bevorderlik vir die ontwikkeling van 'n Godvresende houding? Word die kinders werklik gestimuleer om die Here met hul hele hart lief te hê?

Ons mag verwag dat daar by 'n gereformeerde skool daagliks gebid word vir insig. Dat die personeel sal bid vir wysheid oor hoe hulle elke leerling kan help om te groei in kennis van die lewe en kennis van die God van die lewe. Daar behoort 'n algehele besef te wees dat die Here gevrees moet word. Die opening van die dag met Bybellesing, gebed en lofprysing het betekenis. Daar sal in hierdie tipe skool geen enkele onderwyser wees wat gedurende sy lesse die spot sal dryf met die Here en sy Verbond nie. Ons verwag van elke aangestelde leerkrag dat hy die situasie gebruik om die Verbonds-

kinders te wys op God se liefde. Dit gebeur nie altyd op 'n perfekte manier nie. Maar dit is duidelik wat daar beoog word, ook in die dissipline wat hanteer word.

Ander skoolkultuur

Die krag van gereformeerde onderwys lê in die skoolkulturele klimaat. Dit is 'n dringende rede om van gereformeerde onderwys te hou. As 'n mens koerante lees en begin sien wat aangaan in die lewens van jongmense, dan raak jy bewus van die voorreg van 'n gereformeerde skool. Hier in Kanada is daar onlangs 'n diepgaande studie gedoen na die kultuur onder jongmense in die openbare hoërskole in Toronto. As 'n mens die verslag lees, skrik jy: *verkragting, treitering, boelies, drank en dwelmmisbruik. Ook is dit nie 'n onbekende verskynsel dat ouers onderwysers onder druk plaas oor die punte van hul kinders en dat studente onderwysers bedreig nie. Die verhoudings onder die studente is so gespanne dat daar gereeld gevegte ontstaan. Daar is in die laaste paar maande drie kinders vermoor rondom die skoolterreine.*

Ek hoop dat die toestand in Suid-Afrika nie so erg is nie. Maar tog, ons het nie verwag dat in 'n land soos Kanada, waar alles op die oog af so netjies lyk, soveel verborge ellende onder jong studente is nie. Orals waar mense is, gebeur daar dinge wat nie altyd sigbaar is nie, maar wat beslis 'n effek het op die gevoelens van die jong mense.

Ons besef dat alle mense sondaars is, sowel op gereformeerde skole as op staatskole. Maar daar is tog 'n belangrike verskil. Dit gaan oor die stryd wat gevoer word.

Ons hoop en bid dat die Bybel by die gereformeerde skool ook deur die dag oopgemaak word en nie net aan die begin van die dag nie. Die studente staan 'n kans om ook bv gedurende LO-lesse die Bybelwoorde te hoor wat Paulus aan die Filippense geskryf het. Hy het hulle gehelp om rein te lewe en gewet watter stryd dit is om die Here in alles lief te hê: ...*Verder broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is - watter deug en watter lof daar ook mag wees – bedink dit. En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees...* (Fil 4:8 en 9).

'n Keuse

Ons gaan nie probeer bewys dat gereformeerde skole altyd 'n beter klimaat het nie. Ook wil ek nie beweer dat daar beter mense werk of beter resultate te sien is nie. Wat belangrik is, is dat daar in gereformeerde skole 'n ander, 'n geestelike stryd gestry word, dieselfde stryd as wat ouers by die huis het. Ons almal erken dat ons sondaars is. Ons het aan die Here belowe dat ons ons kinders gaan help om sterk te staan. Ons benodig 'n gereformeerde skool wat 'n noodsaaklike aanvulling gee by dit wat by die huis aan waardes uitgeleef word. Dit is ook 'n saak van die hele gemeente. Ons is almal saam bekommerd oor die

geestelike ontwikkeling van die kinders wat ons by die doopvont gebring het. Die hele gemeente was getuie toe daar vir hulle gebid is: ...*dat hulle in Christus ingelyf word en Hom daagliks navolg, hulle kruis blymoedig dra en Hom aanhang, met opregte geloof, vaste hoop en vurige liefde...* In die gebed na die doop het ons gevra vir die werking van die Heilige Gees in hulle hart.

Dit is goed om mekaar aan te spreek en te bemoedig om voortdurend die regte fokus te hou. Ons lewe nie net om 'n plek op die boonste rakke van die samelewing te kry nie. Dit gaan oor die antwoord wat ons aan die Here gee. Ons wil mos almal graag wys hoe lief ons Hom het?

Net een weg?

Beteken dit dat ons dink dat ons net deur gereformeerde onderwys kan wys dat ons die Here liefhet? Nee, dit kan nie waar wees nie. Dit is ook nie so dat ons kinders net deur gereformeerde onderwys tot geloof kan kom nie. Die Here seën ons waar ons ook al is. Laat ons nooit dink dat **ons** die seën en groei in die Koninkryk kan reël nie. As ons kinders bewus word van God se liefde, dan is dit altyd 'n wonderwerk van die Here Self. Daar kan situasies wees waar daar nie 'n moontlikheid is om 'n 'eie' skool te hê nie. Dit is moontlik dat dit regtig **on**moontlik is om 'n

geïnstitueerde gereformeerde skool te onderhou. Praat 'n mens egter met ouers in so 'n situasie, dan hoor ons meestal 'n soort verlange. Hulle sou graag die voorreg wou hê om sommer, in vertroue, die kinders na 'n goeie skool te kan stuur.

Laat ons daaruit leer. Partykeer is die mense wat naby aan 'n gereformeerde skool woon, glad nie so gemotiveerd om hulle kinders daarheen te stuur nie.

Mag ons mekaar in liefde voorhou dat die offer wat ons bring vir 'n eie skool (dit is nie net finansiële bedoel nie!) 'n daad van liefde is vir die Here wat ons red. Dit is net Hy wat ons daarvan bewus kan maak dat ons sy eie bruidsgemeente is. Mag ons daarna strew om sy beeld te vertoon in ons omgewing.

Mag mense, wat raaksien hoe daar op gereformeerde skole geworstel word om op 'n beskeie en troue manier die Here vir sy gawes te dank, Hom ook begin prys (Mt 5:16).

Inge de Visser is 'n pedagoog en skrywer, voorheen van Pretoria - waar sy onder andere betrokke was by Gereformeerde skole in die sendingsgebied. Tans is sy woonagtig te Hamilton, Kanada saam met haar man en drie kinders.

Tema van die volgende KOMPAS:

Ek en die president – is politieke betrokkenheid moontlik?

Ondersteuning vir GEREFORMEERDE ONDERWYS: opsioneel of verpligtend?

TEMA: Ons keuses vandag: tot in die derde en vierde geslag

Hierdie artikel is 'n opsomming van 'n boekie *Support for the school: Option or Obligation? compiled by Mr SH Terpstra – Australia*

Hoe staan ons teenoor lidmaatskap van ons skoolverenigings? Hierdie saak is reeds 'n aantal jare die onderwerp van bespreking en die volgende vrae word gevra:

- ✓ Hoekom moet 'n mens lid word of geld skenk aan die skool as jy geen kinders het nie?
- ✓ Hoekom nie jou lidmaatskap beëindig of in 'n mindere mate betrokke wees as daar nie meer kinders in die skool is nie?
- ✓ As 'n alleenstaande, waarom is dit nodig om lid te word?

Die groot vraag is: **Ondersteuning vir die skool: opsioneel of verpligtend?**

Om dit te beantwoord, moet ons kyk na wat die Skrif hieroor sê.

In Openbaring 13 lees ons van 'n visioen wat Johannes sien terwyl hy op Patmos was. Hy sien 'n dier uit die see opkom met sewe koppe en tien horings (Openb 13 :1, 2). Ons lees dat die hele wêreld die dier gevolg het (vers 3). Dat *hy sy mond oopgemaak het om te laster teen God...*, en dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin... (vers 6,7).

Al van die begin af toe die mens in sonde geval het, is die groot draak, satan, op die aanval. In die geskiedenis het hy voortdurend gewerk om God se werke te vernietig. Sy aanvalle kom in alle vorms en op allerlei maniere voor en sy doel was altyd dieselfde, **om God se werke af te breek en heerskappy vir homself te kry.**

Johannes laat ons sien hoe skrikwekkend die omvang van satan se aanvalle is. Ons lees *...al die bewoners van die aarde sal hom aanbid* (vers 8). Is dit die einde? Is daar dan geen hoop of uitweg vir ons nie? Gaan ons en ons kinders ook die dier aanbid? Gelukkig gaan Johannes voort: *...al die bewoners sal hom aanbid... behalwe dié wie se name geskrywe staan in die Boek van die lewe van die Lam.*

Dit is waarom alles draai: God se werk in die geskiedenis naamlik dat Hy van die begin van die wêreld af tot die einde toe vir Homself 'n volk vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly (HK v/a 54a).

Johannes sien die veiligheid van God se kinders. Ons lees in hoofstuk 12 dat Johannes 'n vrou sien, *... 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre* (12:1). Die kerk wat gesien word as die koningin van die ligdraers van die hemel, staan reg teenoor die draak. En haar hoof is die Lam wat staan op die berg Sion *en saam met hom honderd-vier-en-veertigduisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe... hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd-vier-en-veertigduisend wat van die aarde vrygekoop is* (14:1-3).

'n Groot menigte wat nie getel kan word nie, uit alle nasies, volke en tale, wat voor die Lam staan, gekleed in wit gewade (Openb 7:5-8). Hulle is Sion, die volk van God, die twaalf stamme van Israel, die kerk. Van die begin af is God besig om sy volk te vergader wat eendag voor sy troon sal staan, gekleed in 'n wit gewaad en wat saam die bruilofsmaal van die Lam sal vier.

Die wonder van dit alles is die manier waarop God dit doen. Toe God in die begin die mens gemaak het, was die mens reeds deel van sy plan. God het vir Adam en Eva geskape en hulle sy medewerkers gemaak. God het hulle die opdrag gegee: *...wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see...* (Gen 1:29). Met hierdie dubbele opdrag: daaglikse werk en familie, het God die mens sy medewerker gemaak.

Toe kom die sondeval, en alles was onder bedreiging. Maar God het nie die werke van sy hand wat Hy begin het, laat vaar nie. Hy het gekom met sy plan van verlossing in Christus. Hy het die opdrag wat Hy aan Adam en Eva gegee het, weer ingestel en hulle herbevestig as sy medewerkers.

In die geskiedenis lees ons hoe God sy kerk vergader, beskerm en onderhou deur die geslagte heen. God het die gelowige Noag en sy familie afgesluit van die verwoesting van die wêreld. Hy het die voorvaders Abram, Isak en Jakob geroep en afgesonder. Israel was opgestel in families en stamme. In Abram sal al die geslagte van die aarde geseënd wees (Gen 12:3). God het 'n verbond gemaak met *...jou en jou nageslag wat na jou kom* (Gen 17:7).

God werk in en deur families, deur die geslagte

Dit is die Sion van Psalm 48, die Jerusalem van die Bybel, die nuwe Jerusalem van Johannes se visioen. Dit is die skans waar Hy veiligheid en sekuriteit verskaf aan sy volk wat staan onder satan se aanslag. Sy kerk, sy gemeente.

Dit is ook die rede waarom ons ons klein kinders in die kerk laat doop. In die Ou Testament was hulle agt dae oud. Sonder die besef dat die Here Self hulle sy seël gee en so getuig dat hulle in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder word, om heeltemaal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra. In die eerste plek aanvaar en getuig die ouers dat hulle en hul kind aan die gemeente behoort. Hulle bely dat hulle nie alleen staan nie, maar die ondersteuning en die sekuriteit van die kerk soek, waar God se Woord bedien word, en die beskerming van die Heilige Gees. Hulle belowe om hul kind hierdie dinge te leer.

Hulle bely dat hulle dit **nie alleen** kan doen nie. Hulle staan **in die gemeente** en het ook die **gemeente se hulp** nodig om hulle belofte na te kom. As die tyd kom, sal hul kind ook onderwys ontvang van die skool en die kerkraad.

Hy/sy staan onder satan se aanvalle, maar hy/sy is veilig in die hande van die Vader. Ons is ingelig oor die aanvalle wat dreig, maar ook hoe ons as medewerkers moet ywer om onself en ons kinders te beskerm. Ons lees in Efesiërs: *...want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug* (Ef 6:12).

Om hierteen te veg: *neem die volle wapenrusting van God op...julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die evangelie van vrede...die skild van geloof...helm van verlossing...die swaard van die Gees* (Ef 6:11-17).

Hiervoor is die Here se hulp nodig en Hy belowe ook om dit aan sy gemeente te gee deur die prediking en die ondersteuning van mede-gemeentelede.

As getuies van die doop neem ons deel aan die eed wat die ouers afgelê het

As daar 'n doop plaasvind, is daar 'n kerkgebou vol gemeentelede. Laat hierdie wonderlike gebeurtenis waarvan almal getuies is, die gemeente sonder enige verantwoordelikheid?

Die Skrif praat van die kerk as die liggaam van Christus. Deur een Gees is ons almal gedoop in een liggaam (1 Kor 12:13), en verder: *want ook die liggaam is nie een lid nie, maar baie. As die voet sou sê: omdat ek nie die hand is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie – behoort hy daarom nie aan die liggaam nie? (vers 14,15). Maar nou is daar wel baie lede, maar een liggaam. En die oog kan nie vir die hand sê: ek het jou nie nodig nie... (vers 20,21).*

Sien u, as getuies neem ons deel aan die belofte van die ouers. Ons belowe om hulle na ons vermoë te ondersteun. Ons sal hulle help en alles doen wat nodig is om hulle belofte na te kom (Rom 12:4-6). Die kerk is die liggaam van Christus en elkeen het sy plek. 'n Hand, voet of oog, elke persoon word opgeroep om te help en te voorsien, sodat die belofte wat hulle gehoor het en waarvan hulle getuies was, volbring mag word. Dan sal daardie kind ook staan saam met die ander honderd-vier-en-veertigduisend voor die troon van God en van die Lam.

Ondersteuning vir die skool is 'n voorreg, 'n vreugde, 'n werk van dankbaarheid

Ons kan dit nog een stap verder neem. Is ondersteuning vir die skool dan 'n verpligting, 'n opdrag, 'n instruksie, 'n bevel? **Sonder twyfel is dit.** Maar dit is veel meer. **Dit is 'n voorreg, 'n vreugde, 'n werk van dankbaarheid.** Ons vra dikwels: Moet ons dit doen? Die antwoord is: Ja, ons moet. Maar dit moet nie vir ons voel soos 'n "moet" nie, maar soos 'n voorreg.

God gee ons die voorreg om in sy diens te staan. Hy gee ons die eer deur ons vriende te noem en ons toe te laat om saam met Hom te werk, sodat ons en ons kinders saam sal aansit aan die bruilofsmaal van die Lam. Wat 'n heerlike en wonderlike rol mag ons speel!

Ons was almal getuies van die ouers se eed, en so het ons self ook belowe om deel daarvan te wees. Grootouers, ooms, tannies, ander familie, gemeentelede, belydende en nie-belydende lidmate, getroudes

en ongetroudes, alleenstaandes en dié wat nog geen kinders het nie, almal het belowe om ondersteuning na die beste van hulle vermoëns te gee. Elkeen het 'n rol. Elkeen is belangrik, deel van die belofte, en nodig.

En daar is ook die kerkraad wat belowe om in hulle taak as ouderlinge seker te maak dat daar volledige ondersteuning is. As gevolg van die amp wat hulle beklee, belowe hulle om te help waar dit nodig is,

sodat elkeen in die gemeente kan en ook volledig deel sal neem volgens hul eed.

Hy **laat ons toe** om sy medewerkers te wees... wat 'n vreugde!

Paul Bouwman is 'n lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata en dien op die skoolbestuur van die Gereformeerde Laerskool in Pretoria.

Triangels in die klas

TEMA: Ons keuses vandag: tot in die derde en vierde geslag

'n Artikel van dr AL Th de Bruijne, wat verskyn het onder "Kerkeljk leven" in De Reformatie van 10 Maart 2007.

Bogenoemde artikel is 'n bydrae van die skrywer oor die ontwikkelings rondom "gereformeerde basisskole" in Nederland, wat al hoe meer begin werk na 'n oop toelatingsbeleid. Ek haal aan: "Niet langer is het nodig dat kinderen en hun ouders lid zijn van een van de gereformeerde kerken (vrijgemaakt) of van kerken die door deze kerken als ware kerk erkend zijn. Verbondenheid in Christus wordt doorslaggevend. Volgens sommigen maakt dat het beeld niet helderder. Ook ik denk dat er wat zaken door elkaar lopen".

Hierdie artikel is ongelukkig te lank om in sy geheel te vertaal en oor te neem vir publikasie in *Kompas*. Dit is myns insiens egter belangrik om kennis te neem van hierdie ontwikkelings en menings wat hieroor in die Nederlandse pers verskyn. Immers, ook die Vereniging(s) vir Gereformeerde Skoolonderwys hier in Suid-Afrika word gekonfronteer met vrae en probleme rondom toelatingsbeleid, beskikbaarheid (al dan nie) van onderwyskragte vanuit ons kerke, en dies meer.

Ek wil poog om enkele hoofpunte uit hierdie artikel baie kort weer te gee.

In die toeligting wat deur skole verskaf word tot die besluit van 'n oop toelatingsbeleid is daar sprake van 'n nuwe driehoek, nie meer die klassieke kerk-gesin-skool-verhouding nie, maar 'n nuwe verhouding, naamlik Christus-gesin-skool, so skryf de Bruijne. Die argument wat daarby aangevoer word, is dan dat die identiteit van Christen-wees nie lê in kerklike lidmaatskap nie, maar in 'n lewende band met Christus en die praktiese band wat daaruit voortvloei.

Hy skryf verder dat hy van mening is dat dit beter sou wees dat 'n gereformeerde skool met 'n breëre samestelling bly voortbestaan as dat so 'n skool wat te klein geword het sy deure moet sluit; ook is hy van mening dat gereformeerde skole in die gesekulariseerde omgewing waarbinne hulle funksioneer, hul roeping ten opsigte van ander Christene en die samelewing moet raaksien; ook sien hy die gevaar van formalisme, van 'n formele indentiteit waaruit die gemeenskap met Christus weggeval het.

Tog het hy probleme en vrae rondom die nuwe Christus-gesin-skool-model of driehoeksgedagte

wat nou bepleit word, en wel om die volgende redes, nl: Christus was alreeds teenwoordig in die klassieke driehoeksgedagte soos wat dit lank deur gereformeerdes as model gehandhaaf is... Want die verworteling van die klassieke driehoeksgedagte in die doopbelofte bring **juis** Christus in beeld. "Wat is de doop anders dan de buitenkant van een zeer bijzondere binnenkant: gemeenschap tussen jou en de levende Christus zelf."

Hy stel verder: "De klassieke triangelgedachte zegt ten diepste niet meer dan dit: alle vorming die wij onze kinderen willen geven of laten ondergaan, moet zoveel als mogelijk vorming in Christus zijn. Daarom betrekken wij de drie instansies die voor de vorming van een kind zorgen, op elkaar: gezin (= om te onderrig AdM), kerk (= kategeese – om te laat onderig AdM) en school."

Sy tweede beswaar is dat die nuwe driehoeksgedagte sake langs mekaar plaas wat ongelyksoortig is. Want 'n deel van die vorming van 'n kind word nou buite beskouing gelaat, en wel die kerklike vorming deur middel van kategeese. Onbedoeld impliseer die nuwe model dat Christus Self dit nou ter hand neem en die voorganger nie daarby nodig het nie. Dus in plaas daarvan dat Christus die sentrale inhoud van

alle vorming is, word Hy Self nou die vormende instansie.

Die skrywer is van mening dat verdere bespreking nodig is, maar ook dat 'n bystelling van die beleid soos wat dit deur die loop van die jare gefunksioneer het, na sy mening "onontkombaar" is.

Die klassieke driehoeksgedagte was en is nog steeds 'n konkrete uitwerking van die doopbelofte. Om te onderrig, en te laat onderrig. Eersgenoemde het betrekking op die ouers in die gesin, laasgenoemde het oorspronklik betrekking gehad op die onderwys van die kerk, nl kategetiese. Dit is deur die loop van die jare in die klassieke model verder uitgewerk deurdat ander vormende instansies in die lewe van kinders hierby ingeskakel is, met name die skool. Maar die klassieke model of driehoeksgedagte staan nie gelyk aan die doopbelofte nie en kom ook nie in die Bybel voor nie. Dit is 'n model wat uit die kerkgeskiedenis gegroei het. Met alle waardering vir hierdie klassieke model, waarsku die skrywer dan dat hierdie model nie verabsoluteer mag word nie. *"Wie zou de waarde van dat model kunnen ontkennen?"* *"Maar hoe waardevol zo'n model ook is, het mag nooit verabsoluteerd worden."*

Volgens die skrywer is daar op drie punte rekbaarheid tussen die klassieke model en die agterliggende Bybelse werklikhede. En op daardie drie punte het ons te make met ontwikkelings wat sal moet lei tot nuwe besinning.

a) Skool tussen kerk en samelewing:

Die toepassing van "laat onderrig" in die doopbelofte op geferomeerde skole is sekondêr. Want die verskynsel van die skool kom nie in die Bybel voor nie. Die verskynsel "skool" is 'n kultuur-histories bepaalde werklikheid. Juis daarom

kan besprekings op hierdie terrein nie outomaties vanuit die Bybel besleg word nie.

b) Kerklike verdeeldheid:

Ook dit kom nie in die Bybel voor nie. Hoe 'n mens in hierdie verdeeldheid 'n praktiese uitwerking daaraan moet gee – ook dit kan ons nie direk vanuit die Bybel aflei nie. Ook dit hoort by ons verwerking van die inhoud van die Bybel in die konkrete situasie van vandag en dit behoort ruimte te laat vir meerdere modelle. Hy waarsku dan wel: *"Daarbij past mijns inziens niet dat je de kerk uit de klassieke triangel wegstreept."* *"Over de onmisbare plaats van de kerk in het leven van Christenen is de Bijbel juist duidelijk."* Oor die onmiskenbare plek van die kerk in die lewe van Christene is die Bybel duidelik. Hy stel selfs *"dat het passend zou zijn als alle Christelijke kinderen ook dezelfde kerklijke agtergrond hadden."* *"Ook pedagogisch heeft dat voordelen."*

Maar hy gaan ook verder: *"Als dit (oopstel van toelatingsbeleid - AdM) vanwege de kerklijke verdeeldheid niet altijd te vermijden valt en wij recht willen doen aan die herkenning van anderen en met minder genoegen nemen, moeten wij daar geen mooie theorie omheen bouwen die de schaduwzijden en het compromiskarakter ervan verdoezelt.."*

c) Na vermoë:

In die bewoording van die doopbelofte ontdek ons ook rekbaarheid. Immers, ons belowe as ouers om ons "kinders... in die genoemde leer na ons vermoë te onderrig..."

Daar kan dus omstandighede wees waar dit nie optimaal moontlik is nie, bv Christene woonagtig op afgeleë plekke, ver weg van enige Christelike skool.

Maar beperkende omstandighede kan ook van 'n ander aard wees, bv: 'n roeping na mede-Christene van ander kerke en na 'n same-

lewing waarin die skool 'n samebindende funksie het, kan ons 'n ander rigting aanwys as dié van 'n volledig kerklik-gebonde skool. Ook hier moet 'n mens dan opmerk dat die konkrete invulling van hierdie roeping nie in die Bybel staan nie, maar behoort by ons antwoord daarop in 'n bepaalde tyd en situasie.

Die skrywer stel dan: *"Er lopen dus meerdere Bijbels gekleurde lijnen die elkaar in de vragen rond toelatingsbeleid van gereformeerde scholen kunnen raken."*

Dan bly vir hom die hooflyn wel die klassieke model, want dit gaan in die eerste plek tog oor vorming van kinders in Christus en sy leer, in samewerking met gesin en kerk. Hy skryf dan verder dat ook roeping tot sorg vir die Christelike naaste en hulle kinders 'n lyn kan wees. Of dat Christene – kerklik verdeeld – mekaar in 'n bepaalde omgewing juis tot 'n hand en 'n voet kan wees. Dit hoef dan nie vreemd te wees as sulke situasies tot 'n kompromis lei nie. Dit is op sigself nie verkeerd nie.

Tot sover die artikel van dr De Bruijne.

Na my beskeie mening 'n mooi gebalanseerde artikel waarin die skrywer poog om 'n bydrae te lewer tot die meningsvorming. 'n Bydrae waar hy juis die Bybels-gefundeerde waarhede wil vashou in die konkrete situasie van vandag, waarin hy pleit vir verdere prinsipiële nadenke oor die invulling van ons roeping ten opsigte van die skool. En dit geld vir die situasie in Nederland sowel as hier in Suid-Afrika.

Tot slot:

Die vraag na die relevansie al dan nie van hierdie artikel vir ons as gereformeerde skole in Suid-Afrika is geldig. Soos alreeds genoem – die situasie in Nederland en Suid-Afrika verskil. Waarom dan hierdie artikel? Ons skole het mos 'n oop toelatingsbeleid?

Myns insiens raak ons denke oor die gesin-kerk-skool-model die hart van kwessies rondom die skool. Bestaan, byvoorbeeld, ook by ons nie die gevaar van verabsoluttering van hierdie klassieke model nie? Talle male hoor 'n mens nog die stelling: "ons is 'n kerk-skool." Of om 'n ander voorbeeld te gebruik: raak ons met die voorgestelde

verandering van 'n meer oop aanstellingsbeleid werklik aan die hart van ons skole se grondwet?

Hierdie artikel van dr De Bruijne is die moeite werd om in sy geheel te lees – mag dit ons verder help in ons nadenke oor die sake rondom ons "eie" skool, rondom onderwys (en onderwysopleiding) op nasio-

nale vlak. Mag dit ons verder help by die praktiese invulling van ons roeping in die situasie waarin die Here ons hier plaas.

Addie de Mooij is 'n lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.

KerkNUUS

Kerknuus

Kerknuus poog om kerklike en kerkverbandelike nuus uit binne- en buiteland aan te bied, met die oog op byvoorbeeld nuwe gemeentes, beroepe wat aangeneem is, sinodes, doktorale proefskrifte en dies meer. Deur middel van hierdie rubriek wil ons probeer om die lesers te laat saamleef met die gebeure in ander gereformeerde kerke in die wêreld.

Australië

Korrespondent : Ds Mendel Retief

Die Johannes Calvyn-skole het so pas hul 50-jarige bestaan gevier. Die skole is geleë in Armadale, Albany, Bunbury, Byford, Kelmscott, Rockingham en Tasmanië. Daar word hard gewerk om te sorg dat die onderrig in alle opsigte verbondsonderrig bly.

Daarvoor is ook 'n voltydse "support office" aangestel om te help met die ontwikkeling van kurrikulums en om onderwysers verder op te lei en toe te rus. Net lidmate van die gemeentes mag hul kinders in die skole plaas. Alle lidmate wat 'n inkomste verdien, moet skoolgeld betaal, ongeag of hy/sy getroud is of kinders het of nie. Die koste is \$170, 00 per maand per gesin (en nie per kind nie). Dit word dus as 'n gemeentelike verantwoordelikheid gesien.

Verder is ouers nie vry om hul kinders in enige skool te plaas nie. Die FRCA se kerkorde artikel 53 lees:

"The consistory shall make sure that the parents honour their vows to instruct their children, to the utmost of their power, in the doctrine of the Scriptures as summarised in the confessions, and to have them instructed in the same by the instruction provided by the consistory. In accordance with the same vow, the consistory shall see to it that the parents, to the best of their ability, and with the cooperation of the communion of saints, give their children education (as stipulated by the civil

government) which is based on Scripture and Confession."

Die staat subsidieer ongeveer 80% van die skoolgeld. Riglyne wat deur die staat vir kurrikulums voorgeskryf word, word egter deur die skole herinterpreteer en omvorm vanuit die Skrif. Tot dusver is staatsinspekteurs hoogs beïndruk met die Johannes Calvyn-skole. 'n Dankbare mnr A Terpstra, hoof van die John Calvin Christian College, vertel van die laaste skole-inspeksie en sê:

"The visitors were interested and appreciative of our efforts to integrate Reformed identity into all the aspects of school life in a coherent fashion. They noted very positively the overall atmosphere and interactions between staff, students/teachers and students, as well as the relationship with parents. In our discussions they were impressed with the value of the JCSSO (John Calvin School Support Office), both in terms of staff training and curriculum development. They were particularly impressed with the way the values and our curriculum have developed through the classrooms. The policies were also highly commended as being clear and very useful.

Their parting comments were, the school was very welcoming, the students were open and friendly, a great atmosphere amongst the staff, a well resourced school, both in buildings and teaching resources, everything ran smoothly and was well organised. Keep up the good work."

Mag die Here genadiglik gee dat ook onder die nuwe regering (Labour Party) die skole in staat sal wees om ongehinderd voort te gaan met verbondsonderrig.

1. Beroep te Zaltbommel (as geestelike versorger in die Nieuwebrug in Ammerzonden): ds M Tel. Hy het die beroep aangeneem. Sy nuwe adres is: Ministreelborch 7, 3992BC, Houten.
2. Geslaag aan die Teologiese Universiteit vir sy doktorsale eksamen: AJ Holsappel te Kampen.
3. Jubileum: Ommen - 25 Januarie - sestig jaar predikant: prof J Kamphuis. Gemeentes waar hy gestaan het: Ferwerd en Hallum (1948), Bunshoten-Spakenburg (1951) en Rotterdam-Delfshaven (1955). In 1958 word hy hoogleraar aan die TU in Kampen. Van 1959 tot 1979 doseer hy Algemene en Nederlandse Kerkgeskiedenis en

daarna Dogmatiek, Dogmageskiedenis en Simboliek. Met emeritaat: 1987.

Suid-Afrika

Die volgende **sinode** sal so die Here wil plaasvind 12 tot 16 Mei 2008 te Kaapstad.

Kerkverbandelik Administrateur: br AW Herder te Johannesburg

Sinodale Kwestor: br FJ van Dijk te Pretoria

Beroepe Uitgebring

Ds P Nel deur die VGK te Pretoria en aanvaar.

SUSTERKERKE in Nederland HOU ASEM OP - uitsprake van prof Harinck laat wenkbroue lig -

Kerknuus

Die afgelope weke het ons susterkerke in Nederland hulle asem opgehou – of is dit dalk vir 'n rukkie weggeslaan? Dit is vanweë uitsprake van een van hulle teologiese professore, prof dr George Harinck. Hy is verbonde aan die Theologiese Universiteit van Kampen. Daar beklee hy 'n spesifieke leerstoel gefokus op die Gereformeerde Protestantisme. Verder beklee prof Harinck ook 'n leerstoel in dieselfde vak aan die Vrije Universiteit in Amsterdam, en is hy direkteur van argief- en dokumentasiesentrums in beide stede.

Op 26 Januarie 2008 het daar in die koerant *Nederlands Dagblad* 'n onderhoud met prof Harinck verskyn. Die doel van die onderhoud was om aan die leser 'n kykie te gee in die persoon agter hierdie professor, historikus en akademikus. Die wenkbroue het egter begin lig toe prof Harinck uitsprake gemaak het wat direk bots met die Gereformeerde leer soos wat dit bely word in die kerke wat hy dien. Ek haal hom aan, maar dan in Afrikaans vertaal:

- Homoseksualiteit is natuurlik in my kring 'n omstrede saak, maar ek staan glad nie negatief daarteenoor nie... Ek glo geen woord daarvan dat dit 'n siekte is nie... Mannevrindskappe: heeltemal reg... Verhoudings? Geen probleem...
- Dieselfde geld vir die tekste oor vroue wat voortdurend vorendag gehaal word in diskussies oor die vrou in die amp... Dit vind ek onsin. Die vrou in die amp moes al gister plaasgevind het... Die vraag of die vrou in die amp mag dien, kan 'n mens nie met die Bybel in die hand beantwoord nie. Daarvoor moet 'n mens Christelike fyngvoeligheid hê... En soos ek God leer ken het, vind ek dit baie aanneemliker dat die 'in Christus is daar nie meer man en vrou nie' in hierdie diskussie beslissend is (sien Gal 3:28).
- Ek het origens ook groot simpatie met die Rooms-Katolieke Kerk. Ek het ook nie 'n probleem daarmee as Gereformeerdes aan 'n misdeelneem as dit so uitkom

nie. Natuurlik, daar is verskille, maar hulle is betreklik.

Dit is nie verwonderlik dat hierdie uitsprake baie stof in ons Nederlandse susterkerke opgejaag het nie. In 'n artikel op 5 Februarie 2008 gaan prof Harinck in dieselfde koerant weer op hierdie sake in. Hy stel sake nou omsigtiger, maar inhoudelik is daar geen verskil nie. Hoe nou gemaak? In die eerste plek is dit belangrik om te besef dat prof Harinck 'n ampsposisie in die kerke beklee. 'n Openbare posisie stel beperkings. Dit is ter wille van die welsyn en vrede in die kerke. 'n Persoon wat 'n amp verteenwoordig, kan nie sommer enigiets sê nie.

Ons susterkerke kan prof Harinck se opmerkings nie net vir kennisgewing aanneem nie. As dit sy persoonlike opvatting is, het dit 'n invloed op sy amp.

Prof Harinck se uitsprake oor homoseksualiteit druis in teen die Gereformeerde leer.

Ook sy uitsprake oor die vrou in die amp druis direk in teen die Gere-

formeerde ampsleer. En dan sy uitsprake oor die Roomse mis. Gelukkig is dit 'n feit dat baie Roomse Christene deesdae die mis op 'n byna Protestantse wyse beleef. Watter deursnee Rooms-Katoliek glo deesdae nog in die transsubstansiasie? Maar die amptelike Roomse leer oor die mis is nog steeds wat dit was. Hoe graag sou ons nie wou sien dat Rome op hierdie punt wou ingee nie? Juis daarom kan prof Harinck nie onbekommerd aan die mis deelneem nie, en beslis nie in die posisie wat hy op die oomblik beklee nie. Dit kan helaas nog net so min as wat Luther of Calvyn dit vyfhonderd jaar gelede kon gedoen het. Dit is die tragiek van die geskiedenis van die afgelope vyfhonderd jaar. Maar dit is soos dit is. Rome het Rome gebly. Ongelukkig.



Rome het Rome gebly. Daar is ook 'n positiewe kant hieraan verbonde. Rome staan sterk teen die hedendaagse sekularisasie en hedonistiese tydsgees. Prof Harinck waardeer dit. Hy skryf: "Rooms-Katoliekes is in my gesekulariseerde wêreld in die eerste plek mede-Christene." Rome is nie skaam om vas te hou aan die tradisie nie. Tog moet ek noem

dat prof Harinck in hierdie artikels die indruk wek dat hy self ook in 'n groot mate 'n kind van sy tyd is. Ons tyd staan bekend as postmodern. Elkeen kies self wat by hom pas – ook sy teologiese sienings. So is prof Harinck ook maar baie eklekties met die Roomse kerk. Ek waardeer ook dinge in die Roomse kerk. Maar ek is bang dat dit wat ek waardeer, hy nie sal waardeer nie. Hy deel waardering op die punt van die mis. Maar wat dink hy daarvan dat Rome – net soos die kerke wat hy dien – vashou aan die ortodokse lyn van geen vrou in die amp nie? Rome staan ook sterk teen die hedendaagse neiging om homoseksualiteit te normaliseer.

Hierdie opvattinge en prof Harinck se amp is regtig nie verenigbaar nie. Op 6 Februarie het daar 'n gesprek plaasgevind tussen prof Harinck en die universiteit, asook die toesighouers op die leerstoel wat hy beklee. In daardie gesprek het daar wel enkele nuanserings na vore gekom wat nie uit sy artikels geblyk het nie:

- prof Harinck sou nie met die Roomse mis die sakrament bedoel het nie, maar slegs die bywoning van 'n kerkdienst in 'n Roomse kerk;
- hy sou nie 'n seksuele verhouding tussen twee homoseksuele persone bedoel het nie, maar slegs 'n vriendskap;
- op die punt van die vrou in die amp was daar egter geen nuanserings nie - hy het bedoel wat daar gestaan het.

Hopelik het prof Harinck geleer om in die toekoms sorgvuldiger te formuleer en nie verkeerde dinge te insinuer nie, gesien die openbare ampsposisie wat hy beklee. Dit geld natuurlik ook vir die joernalis, wat ook moet besef dat hy 'n verantwoordelikheid het! Wat die eerste twee punte betref, haal baie miskien nou verlig asem. Wat die laaste punt betref, word

daar slegs gemeld dat prof Harinck aanvaar dat in die kerke wat hy dien, vroue nie in die ampte bevestig kan word nie. Maar sy opvatting bly ongewysig. Wat beteken dit vir sy funksionering?

Natuurlik is en bly prof Harinck 'n volwaardige kerklidmaat. Enige lidmaat kan – deur watter omstandighede ook al – 'n afwykende mening ontwikkel. Iemand se kerklidmaatskap kom nie in die gedrang deur 'n afwykende leer nie. Die persoon is selfs geroepe om die nagmaal te vier. Maar 'n persoon se ampsposisie kom in so 'n situasie wel in die gedrang. As 'n saak vir die kerk van Christus vir twintig eeue lank duidelik was, bely vanuit die Skrif, sal 'n mens werklik baie meer as twee keer moet dink voordat soiets verander word, hoe groot die druk vanuit die omgewing ook mag wees. Dit is nogal verontwaardigend dat die bestuur van die universiteit en die toesighouers op die betrokke leerstoel niks verder oor hierdie punt noem nie. Kom sy ampsposisie wat hulle betref nie in die gedrang nie? Vind hulle dit nie verontrustend dat prof Harinck in die ampsleer dwaal nie? Ek hoop ons hoor meer van hulle op hierdie punt!

Ons bid ons susterkerke in Nederland en prof Harinck in besonder wysheid toe.

Wie prof Harinck se artikels self wil lees, kyk:

<http://www.nd.nl/htm/dossier/harinck/nieuws.htm>

Ds Pieter Boon is lid van die Deputaatskap vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke, met Europa as spesifieke aandagsveld.

Waaroor is ons BEKOMMERD?

Leer en Lewe

Skielik word die gesprekke deur negatiwiteit gekenmerk. Tot November 2007 was die meerderheid van die land se burgers nog redelik positief oor Suid-Afrika en sy toekoms. Maar nou lyk dit asof negatiwiteit selfs gevaarlike proporsies aanneem, veral onder die blankes. Wat het dan sedert November gebeur? Twee ontwikkelings staan uit, naamlik die oorwinning van die Zuma-kamp in Polokwane met die verkiesing van Zuma tot president van die ANC en die kragkrisis. Veral die laaste, wat elkeen persoonlik raak, het mense blykbaar baie onseker en negatief oor Suid-Afrika se toekoms gemaak. Luister maar na gesprekke ook in eie kring. Dis moeilik om nie negatief te wees nie.

Die vraag is egter: pas so 'n negatiewe houding by die Christen? Hoe moet ons reageer op wat gebeur? Moet ons maar ons koffers pak en Suid-Afrika sy ondergang tegemoet laat gaan? Wat mag van ons as Christene in so 'n situasie verwag word?

Waar is God?

Is dit so dat Suid-Afrika op pad na sy ondergang is? Daar is dinge wat tereg kommer wek. Negatiewe tekens. Maar sien ons God nog wel in die prentjie? Ons is bekommerd oor die moontlikheid dat Zuma en sy ondersteuners die rigting van ons land kan gaan bepaal. Dit kan inderdaad 'n ramp vir ons land wees. Maar sal dit ook so wees? Wat van God? Hy is nie net 'n toeskouer in ons land en politiek nie. Ons glo tog dat die Here regeer? In Spreuke 21:1 lees ons selfs die woorde: *Die koning se hart is in die hand van die Here soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil.* Die Here is nou betrokke by die besluitvorming in die hoogste kringe van ons volk. Sy leiding reik tot in die raadsale van die president met sy ministers en tot in die parlement. Hul harte is selfs in sy hand. So ver reik sy leiding. As jy uitgaan van wat jy sien en ervaar, dan beskou jy daardie woorde as onwerklik. Is Mbeki se hart in God se hand? En Zuma se hart? Dis net deur die geloof dat ons dit kan sê. Selfs tiranne is in sy hand en hulle kan niks besluit of doen sonder Hom nie. Wat ook al gebeur in die Luthuli-huis of in die Uniegebou, dis in God se hand. Glo ons dit nog?

In die Bybel lees ons herhaaldelik van God se oormag oor vorste en tiranne. Dink aan wat in Egipte gebeur het tydens die tien plaë. God het toe met die hart van Farao gedoen wat Hy wou: Hy het eers sy hart

verhard om dit ten slotte te vermurwe sodat sy volk kon gaan. So kan ons ook aan Nebukadnesar dink, en aan Kores en Augustus en Pilatus, wat almal ondanks hulleself tog God se wil volvoer het. Kores, die heidense Persiese koning, wie se troon op die bloed van vyande gerus het, word selfs God se herder en gesalfde genoem (Jes 44:24-45:8).

Die wete dat God se leiding onbeperk is en selfs tot in die harte van ons leiers reik, is vir ons 'n groot troos. Dit gee ook alle rede om vurig en aanhoudend tot Hom te bid. Dat Hy die kwaad van ons sal weer of vir ons ten goede sal keer. Dat Hy ons huidige en toekomstige leiers, ondanks hulleself, tog sal gebruik om iets goeds vir ons land tot stand te bring. As God dit so sou wil lei – in antwoord op die aanhoudende gebed van sy kinders – dan is dit nie onmoontlik nie dat die toekomstige leiers nog beter vir ons land sal kan wees as die huidige.

God soek by alles wat Hy doen die redding van sondaars en die vergadering van sy volk. Wanneer Petrus se eerste lesers worstel met die onreg en verdrukking wat hulle aangedoen word en sommiges wonder wanneer die Here gaan terugkom, skryf Petrus: *Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertragting ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom* (2 Petr 3:9). God soek die bekering van sondaars, ja, ons bekering. God laat alles, goed en kwaad, gebeur sodat ons Hom sal vrees, sodat ons Hom ernstig sal neem in sy liefde en toorn. Dat ons Hom getrou sal dien. Wanneer Paulus ons oproep om vir alle mense, ook vir konings en hooggeplaastes, te bid, dan wys hy daarop dat dit gaan oor die bekering en behoud van daardie mense. *Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom* (1 Tim 2:3,4).

Vanselfsprekend?

Dit lyk asof die kragkrisis baie mense oor die rand gestoot het. Gevoelens van woede en magteloosheid het mense begin beheers. Sulke emosies is verstaanbaar. 'n Mens kan ook verstaan dat vingers gewys word. Hierdie krisis kon voorkom gewees het as mense betyds na deskundiges geluister het. Tog moet ons nie by sulke emosies bly vassteek nie. Laat elkeen eerder sien wat hy self aan die probleem kan doen.

Trouens, is elkeen van ons werklik so onskuldig wanneer dit gaan oor die kragkrisis? Ons het die beskikbaarheid van voldoende 'goedkoop' krag as vanselfsprekend gesien. Met hoeveel respek het ons die krag gebruik? In hoeverre het ons aansluiting gesoek by die moderne ideaal van grenslose ekonomiese groei en winsvermeerdering ten koste van God se pragtige skepping? Bowendien, is dit reg om die beskikbaarheid van krag as vanselfsprekend te sien? Baie in ons land het nog nooit daarvoor beskik nie of eers die laaste jare.

As Christene moet ons ook verder terugkyk, na die verlore paradys. Daar het ons die ligte so te sê stukkend gegooi. Danksy God se genade het Hy ons nie in die duisternis laat lê nie, maar sy Lig oor ons laat skyn. Danksy God se goedheid en geduld is dit hier op aarde nie reeds 'n hel nie, maar gee Hy dat dit in ons land en wêreld nog leefbaar is en laat Hy ons nog van allerlei voorregte geniet. Beskou dit asseblief nie as vanselfsprekend nie. Dit is onverdiende gawes van God. Mag hierdie kragkrisis ons dan ook leer om met des te meer dankbaarheid en respek die middele te gebruik wat Hy vir ons beskikbaar stel.

Wat staan ons te doen?

Ons voel dikwels klein en magteloos by die ontwikkelings in ons land. Ons het die gevoel dat ons net kan toekyk terwyl dinge agteruitgaan. Tog is dit nie die geval nie. Ons het juis 'n groot verantwoordelikheid van God ontvang, as sy profete, priesters en konings. Dink aan Filippense 2:14,15: *Doen alles sonder murmurering en teësprak, sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld.* Nie verniet word God se kinders die lig van die wêreld en die sout van die aarde genoem nie. Ons land het geen klaers nodig nie, maar bidders. Daarom spoor Paulus ons aan om vir alle mense te bid, vir konings en almal wat hooggeplaas is. Bid vir hul bekering. Bid dat hulle hul hoë amp weer volgens God se Woord sal leer bedien. Bid dat hulle op 'n verantwoordelike wyse die land sal regeer. Bid dat hulle tog iets van die Messiaanse koningskap sal weerspieël. Bid dat God hul gedagtes so wil lei dat hulle werklik die goeie vir ons land en volk soek. Bid dat God die kwaad wil weer of dit ten goede wil keer. God wil immers hê dat mense tot kennis van die waarheid kom en gered word.

Ds Kees Kleijn is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.

AKTUEEL:

Elektrisiteit – duur en onbetroubaar

Uittreksel uit onderhoud op RSG met mnr Willie Spies van die VF+ (22/12/2007)

Mnr Willie Spies van die VF+ het in Desember 2007 in 'n mediaverklaring in reaksie op nuus dat Eskom kragtariewe met 14,2% sou verhoog, gesê Suid-Afrika betree nou 'n era van duur, onbetroubare krag. Hieronder is 'n uittreksel uit 'n onderhoud wat op die program *Naweekjoernaal* op RSG met hom daarvoor gevoer is.

RSG: Willie, wat is julle reaksie op die tariefverhoging?

Willie Spies: Ons dink die regering moet gaan besin. Daar moet baie mooi nagedink word oor die simboliek hiervan. Die regering het bepaalde foute gemaak. In 1998, toe daar bepaalde voorstelle aan die regering gemaak was om nuwe kragstasies te laat bou, het die regering geweier; hy het besluit om sy begroting eerder aan te wend in die rigting van die spandering op sosiale toelaes en dies meer. Nou sit ons met 'n kragtekort.

Die vraag is: moet die verbruiker nou instaan daarvoor? Die VF+ se antwoord sou gewees het om liewers te gaan kyk na die begrotingsbeplanning vir volgende jaar, en om te sê: kom ons beperk hierdie sosiale spandering wat op dié stadium buitensporig hoog is. Ons beperk dit en ons gebruik die fondse wat beskikbaar raak, eerder om broodnodige elektriese kapasiteit te bou, en op dié manier verseker ons dat die verbruiker nie gepenaliseer word nie, maar dat die fiscus, of die staat dan, instaan vir die tekorte wat op dié stadium bestaan met betrekking tot elektrisiteit en dies meer.

RSG: Willie, die 14% verhoging is nou toegepas; wat gaan die VF+ nou verder doen?

Willie Spies: Ons moet met 'n opvoedingstaak begin onder Suid-Afrikaners. Dit is krities belangrik dat Suid-Afrikaners sal moet leer om energie doeltreffend te gebruik. Dis nie net 'n rand-en-sent-probleem nie, dit gaan nie net duur kos as 'n mens energie vermors nie, maar dit is ook sleg vir die omgewing.

Ons kan baie goed sien hoe dit in die wêreld gaan as gevolg van ondoeltreffende gebruik van energie, en ek dink die bedekte seën by hierdie kragverhogings is dat 'n mens ten minste in die toekoms twee keer sal dink voor jy 'n lig sal aanhou. Twee keer sal dink voor jy 'n verwarmter onnodig gebruik. Twee keer sal dink voor jy jou geiser onoordeelkundig aanwend. Ek dink dit kan hopelik daartoe bydra dat Suid-Afrikaners oor die geheel hulle energie meer doeltreffend gebruik, en dat ons tog daardie broodnodige spaarwerk doen wat belangrik is om vir die omgewing en vir die gesondheid van die aarde as geheel, daardie verandering te bring wat dit moontlik maak om vorentoe te gaan.

Op dié stadium, dink ek, is Suid-Afrikaners heeltemal te gemaklik wat elektrisiteit betref. Ek dink almal van ons besef dit baie goed, en alhoewel ons baie ongelukkig is oor die feit dat die regering toelaat dat kragtariewe so buitensporig opgegaan het, dink ek tog dat ons ook moet leer uit die omstandighede, ons moet die omstandighede ook gebruik tot voordeel van die nasie, tot voordeel van die mense en tot voordeel van die omgewing.

Willie Spies is lidmaat van die VGK Pretoria-Maranata.

ANATOMIE van 'n TRAGEDIE

Medies

...en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes... Openbaring 6:8

Die tekens van die tye. Soms baie sigbaar, tasbaar en voelbaar. Ander kere onsigbaar, stil, soos die dood. Sterftes by die miljoene, die nulle word net meer. Die Eerste Wêreldoorlog: 15 miljoen, Stalin: 20 miljoen, Mao Zedong: 40 miljoen, 1918 Spaanse griep: 50 miljoen, Tweede Wêreldoorlog: 55 miljoen, die swart pes: 85 miljoen.

En dan, die stil "siekte": 25 miljoen sterftes tot op hede, 33 miljoen tans geïnfecteer. En die globale pandemie is nog nie op sy hoogtepunt nie, nog vele miljoene gaan volg. Die slagting gebeur nou, ons is in die middel daarvan. Sien jy dit? Voel jy dit? Gelukkig nie, want die slagoffers val 'n paar kilometer van ons huis.

Die naam word nie eers genoem

deur dié wat daaronder ly nie. Ja, politici, die media en navorsers noem dit maklik by die naam. In Suid-Afrika word daar vanaf 1990 hewig gedebatteer oor die invloed van MIV/VIGS op ons samelewing. Van radikale aksie is daar weinig sigbaar. Die eerste, grootskaalse anti-retrovirale middels (ARV's) veldtog is eers in 2004 van stapel gestuur. Van 1982 tot 2004 het die stille dood klaar sy kloue in 20-30% van ons bevolking geslaan.

Sub-Saharalande ly die ergste. Suid-Afrika kan nie voorby met grafte graawe nie, en herwinning van VIGS-grafte vind plaas. Kom ons kyk na Suid-Afrika se statistieke: met 'n bevolking van 50 miljoen ly 5 miljoen aan MIV/VIGS. Teen 2015 gaan 5 miljoen dood wees, maar met 6 miljoen nuwe infeksies. Tans is daar 'n duisend sterftes per dag. Elke minuut gaan nog een dood. Elke 15 sekondes is daar nog 'n nuwe infeksie.


Is u geskok? Ek ook. Maar nog skokkender is dit om die slagting te sien en te ervaar. Om 'n jong mens of kind te sien verander in 'n

lewende skelet, sal selfs die gehardstes onder ons bring tot 'n gevoel van empatie en hulpeloosheid. As medici kyk ons verslae toe na die mag van die vaal perd. Maar hoekom word ons land so swaar getref? Waarom word hoofsaaklik swart jong mense afgemaai? Menslikerwys kan ons sekere kenmerke van die Suid-Afrikaanse pandemie onderskei:

1. Soos reeds hierbo genoem, was en is daar heelwat probleme aan ons regering se kant. Ek noem enkeles:
 - Stadige regeringsbetrokkenheid en ontkenning van 'n pandemie.
 - Ontkenning oor die verhouding tussen MIV en VIGS.
 - Kontroversie oor behandeling (alternatiewe en natuurlike produkte vs ARV's) en voorkoming van VIGS.
 - Swak samewerking met NGO's (Non-Government Organisations).
 - Swak organisasie van voorkomingsveldtogte (bv Love Life).

Maar lê die probleem werklik by die regering? Selfs noudat die ARV-veldtog op dreef is, die moeder-tot-kind-oordrag tydens swangerskap beperk kan word (met ARV's), massamedia en regering betrokkenheid ervaar word, lyk dit nie of dit baie help nie.

2. Menslike gedrag speel definitief 'n groot rol; immers, MIV is 'n seksueel oordraagbare siekte. Ons kan maklik tot die gevolgtrekking kom dat MIV eintlik mense se eie skuld is. In wese is dit so; as jy in Suid-Afrika



buite God se geboorte om leef met betrekking tot seksuele kuisheid, dan kan jy hoogs waarskynlik doodgaan aan VIGS. Beteken dit dus dat ek kan roem in my kuise gedrag en die feit dat ek nie MIV kan optel nie? Nee, want ek is nie gered van die tydelike VIGS-dood deur my kuise gedrag hier op aarde nie, maar alleen deur **genade** in Jesus Christus. En vanuit hierdie genade behoort ek na my swart medemens te kyk.

Ons kan maklik tot die gevolgtrekking kom dat MIV eintlik mense se eie skuld is.

Ek kan nie neerkyk op hulle seksuele gedrag en tot die gevolgtrekking kom dat hulle VIGS (en die dood) tog verdien het nie. Sodoende verplaas ek myself, as skuldige sonder, in die Regter se posisie (sien ook Jona 4). Alle sonde verdien tog die dood? Ook die sonde wat u en ek elke dag weer doen. Tog word nie alle sonde met die tydelike dood gestraf nie.

Waarom word miljoene ander mense se immorele seksuele gedrag nie gestraf met MIV nie? Die Westerse (en eerstewêreld) samelewing is moreel bankrot wanneer dit by seksuele gedrag kom. Kom ons laat die oordeel en straf aan die Here oor en leef elke dag dankbaar vanuit genade. Om vanuit genade na my swart landgenoot te kyk, beteken dat ek besef ek kon net so goed in sy skoene gestaan het. Ek is net so 'n groot sonder soos hy of sy en verdien ook die dood.

Hoe "skuldig" is die verkragte vrou (20% van die bevolking!), die mishandelde vrou wat deur haar man geforseer word om



seks met hom te hê, die MIV-kindere wat dit van hul ouers gekry het? Ons werksverskaffing in die stede dra ook daartoe by dat heelwat egpare vir maande van mekaar geskei is. Dié ongesonde situasie wakker losbandigheid aan.

Indien ek met 'n swart vel gebore is, werkloos en arm, in swak omstandighede opgevoed, sou ek hoogs waarskynlik dieselfde paadjie gevolg het. As ek bewus kan word van my bevoorregte posisie om uit genade te mag lewe, moet dit my uit dankbaarheid dwing om hierdie liefde van Christus te deel met almal wat nou reeds sterwe. En wat 'n ongelooflike geskenk kan ek nie aan die sterwende VIGS-pasiënt bied nie! Selfs al sterwe hulle nou, mag hulle vir ewig lewe, ondanks vroeëre seksuele losbandigheid. Die Here vergewe genadiglik al ons sondes.

3. Dus wat veroorsaak dat die armes so vinnig VIGS kry en sterwe en die ryk "opgevoedes" die dood vir eers vryspring? Weer 'n paar punte waarmee dokters daagliks gekonfronteer word in die geveg teen VIGS:

- Armoede veroorsaak wanvoeding en verswak die liggaam se immuunsisteem. Groente, vrugte, minerale, vitamienes en proteïenryke kosse (vleis) is van die uiterste belang om vinnige progressie van MIV na VIGS

te voorkom. Met 'n werkloosheidsyfer van 40% op die platteland het min mense die opsie om bv R20 vir 'n taxi te betaal om daagliks groentes by Shoprite te kan gaan koop. Party mense probeer maar regkom met 'n eie groentetuin, maar waterleiding na informele behuising is skaars.

- Ontkenning van die probleem. Die meeste mense is so bang vir die uitslag van 'n positiewe MIV-toets dat hulle dit ten alle koste vermy. Gevolglik word hulle eers getoets (of soms glad nie as hulle weier) wanneer dit reeds te laat is en hulle in die finale stadium van VIGS is. Die vrees vir 'n toets is gebaseer op ervarings van die vreeslike VIGS-dood van nabye vriende en familieledes en ook die stigmatisasie deur die gemeenskap. Baie mense leef in ontkenning in die hoop dat hulle VIGS gaan vryspring.
- MIV het in die beginfase (wat jare kan duur) baie min tekens. Mense kan gesond lyk en die virus versprei sonder om dit self te besef. Dit is daarom baie belangrik dat mense hulle gereeld, en so gou as moontlik, laat toets, sodat hulle bewus kan wees van hulle status. 'n MIV-positiewe persoon kan opgevolg en ingelig word oor verantwoordelike seksuele gedrag.
- 'n Kombinasie van MIV met ander siektes verswak die liggaam aansienlik. Hier dink ons aan tuberkulose, kanker, parasiete, opportunistiese bakterieë, virusse en swamme.
- Maklike oordrag van MIV van een persoon na die ander.

Omdat MIV 'n seksueel oordraagbare siekte (STI) is, word ander STI's baie keer saam oorgedra. Die teenwoordigheid van die ander STI's verhoog die kans op oordrag van MIV.

Indien ek met 'n swart vel gebore is, sou ek hoogs waarskynlik dieselfde paadjie gevolg het.

- Die herhaaldelike herinfeksie met MIV (as gevolg van veelvuldige seksuele blootstelling aan MIV-positiewe vriende) veroorsaak baie hoë virusla-dings in die liggaam. Dit sit die liggaam telkens

weer terug in die "immuun-geveg" teen MIV.

- Die basiese beginsels van MIV-voorkoming word nie gevolg nie. Die **ABC**-beginsels van **A**bstinence (onthouding), **B**e faithful (volg die Bybelse beginsel van een man wat getrou moet wees aan een vrou), **C**ondomise (gebruik kondoom as voorbehoeding) word nie nagekom nie.

Bogenoemde uitdagings veroorsaak dat MIV/VIGS baie moeilik is om te beveg en te bekamp.

Kan die mediese wetenskap enigiets doen om te help? Wat is die regering besig om te doen? Wat kan ek doen om te help?

Eerstens moet ons bewus word van die probleem met al sy fasette. Ek hoop die artikel kon daarmee 'n begin maak. Daar is heelwat dinge wat ons almal kan doen. In die volgende uitgawe ("Farmakologie van 'n Tragedie") sal ek meer uitbrei oor die behandelingsopsies, praktiese wenke en geestelike versorging waarmee ons almal betrokke kan raak.

Dr Theo de Vries, (MBChB Stellenbosch, 2001) het sy gemeenskapsdiens jaar in 2007 voltooi in 'n plattelandse hospitaal in Capricorn, Limpopo. Vir enige kontak: Theodevries@doctors.org.uk

Waar die HART van VOL is, loop die LEWE van oor!

Sending & Evangelisasie

Na die pragtige preek en die mooi vertroostende tekswoorde ontvang ons die seën van die Here: *Genade vir u en vrede...* Ons verlaat die kerkgebou met blydskap in ons harte teenoor die God wat redding skenk en bereid was om sy Seun daarvoor tot in die dood te gee. Wat 'n geweldige rykdom besit ons in en deur Jesus Christus!

Wat doen ons met al die skatte wat weekliks aan ons uitgedeel word? Deel ons dit met ander mense? Ja beslis, ons doen dit, want ná kerk en gedurende die week vind baie onderlinge geestelike opbou plaas. Ons vertrou mekaar met die woorde van Lewe en dien mekaar deur dade van liefde en sorg. Ons het immers die skat van die Woord ontvang om uit te deel. Is hierdie skat slegs vir ons eie gemeente bedoel? Nee, natuurlik nie.

Ons het sendelinge in die 'swart' wyke van Pretoria, in die 'bruin' wyke van Kaapstad, en sommige van ons doen evangelisasie onder blanke uitgeworpenes van die samelewing. Ons lewe getuig verder van ons Christenskap. Ons gaan twee maal per Sondag kerk toe, ons koop nie op Sondag nie, ons gaan onself nie te buite aan drank nie, en ...

Onlangs, na 'n begrafnisdiens, het ons die volgende woorde bo die deurpos van die kerkgebou opgemerk: *U gaan nou die sendingveld in.* Die wêreld as sendingveld. Dit het die woorde van Christus in herinnering geroep: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies...* (Mt 28:19), en: *...julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterstes van die aarde* (Hand 1:8).

Wat beteken hierdie sendingsopdrag van Christus in ons tyd? Is hierdie opdrag slegs aan die apostels (amspdraers) gerig? Beteken dit dat ons gewone ouens nie die taak het om aktief aan sending en/of evangelisasie deel te neem nie? Is dit slegs sekere mense wat tot die amp van evangelis of sendeling geroep is? In Lukas 9 word verhaal hoe die Here Jesus eers die twaalf dissipels uitstuur en in Lukas 10 lees ons hoe Christus sewentig aanstel en uitstuur om mense vanuit ongeloof tot geloof in Jesus Christus te roep. Is die sewentig nie die voorafbeelding van die kerk wat in totaal evangeliseer nie? Die hele gemeente het 'n apostoliese taak, dis nie slegs die werk van evangeliste en sendelinge nie. Elkeen van ons moet aktief probeer om mense tot geloof in Christus te bring.

Slegs omdat dit 'n moet is? Nee, omdat ons bewoë is oor die nood waarin die wêreld verkeer. Sonder God gaan die mense rondom ons verlore. Jou buurman, jou kollega, jou medestudent, jou bankbestuurder en die kafee-eienaar sal sonder Jesus Christus in die ewige duisternis beland. Sonder Christus gaan hulle die nimmereindigende smarte van die hel verduur. Sonder geloof is die wêreld verlore. Maar die Woord leer ons: *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê* (Joh 3:16), en: *Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook* (Joh 20:21). God het sy Seun gestuur om mense te red en ons mag/moet hierdie redding aan die wêreld verkondig!

Wanneer doen ons dit? Het ons as Vrye Gereformeerde Kerke nie reeds genoeg aksies nie? Waar gaan ons nog tyd en energie vandaan kry om so iets te doen? Jy doen dit gewoon die hele dag deur, oral waar jy is en teenoor almal met wie jy in aanraking kom! Dit is 'n lewenswyse. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor! Staan jy in 'n ry by die bank of by Binnelandse Sake, kan jy die geleentheid benut om met die persoon voor of agter jou 'n gesprek aan te knoop. As jy kruideniersware of motoronderdele koop, maak dan seker dat jy in die paar minute op een of ander wyse van jou Redder getuig. Klink dit te moeilik om te doen? Oefen dit dan eers onder mekaar binne die gemeente. Getuig teenoor mekaar wat God in jou lewe gedoen het en dit sal vir jou makliker wees om dit ook in ander omstandighede te doen.

Jy sal waarskynlik dink: *Dis alles goed en wel, ek het nie die vermoë om so in die openbaar te praat nie. Ek is net nie so 'n vrymoedige persoon nie.* Die Bybel leer ons dat ons op baie maniere van ons Redder kan getuig. Ons mag die Waarheid in hierdie wêreld uitlewe. Ons hele lewe moet een en al getuie van Jesus Christus wees. Ons kan die liefde van God in Christus d m v alle sintuie proklameer.

- Gehoor (Rom 10:17): Ons monde getuig van Christus en ons ore verrig liefdesdiens. Deur te luister, werklik te hoor wat ander vir jou sê, kan jy Christus se liefde na ander uitstraal. Jou luisterhouding gee ander die gevoel dat hulle saak maak. God hoor immers ook altyd wanneer ons met Hom praat.
- Smaak (Mt 5:13): Volgelinge van Jesus Christus is die sout van die aarde. Hulle preserveer die goeie in die wêreld, is 'n uitdrukking van suiwerheid en voeg smaak by. Hulle toon hoe die lewe smaaklik, leefbaar en aantreklik kan wees. Te midde van alle ellende lewe hulle 'n vreugdevolle lewe wat op

die fondament van hoop gebou is. Ons mag smaak en kwaliteit toevoeg aan die lewens van almal met wie ons in aanraking kom.

- Sig (Mt 5:14-16): Ons is die lig van die wêreld wat verlig, waarsku, verhelder en waardeur duisternis verdwyn. God is nie 'n geheim om te bewaar nie. Ons gaan Sondae kerk toe en doen Bybelstudie om ons soutgehalte te verbeter en ons lig helderder te laat skyn, sodat ons kan teruggaan na die wêreld.
- Gevoel (Mt 25:31-46): Ons mag die hande van Christus se genade in 'n stukkende wêreld wees. Hulpelose mense, onreines, armes en sosiaal verworpenes kan en mag deur Christen-hande aangeraak en liefdevol versorg word, sodat hulle die liefde van Jesus Christus ervaar en Hom vir sy goedheid kan dank.
- Reuk (2 Kor 2:14-16): Soos die heidense priesters reukwerk gebrand het tydens die Romeinse triomfoptogte - vir die oorwinnaar tot lewe, maar vir die oorwonne vyand 'n reuk tot die dood - so behoort ons die reuk van Oorwinnaar Jesus te versprei. Christus het die dood oorwin en ons mag in sy triomfparade deel. Ons lewe laat die geur van Jesus Christus se liefde na. Ons gedrag maak dat goddeloses veroordeel voel, ons reuk bly in hul neuse vassteek. Vir dié wat God wil aanneem, tot redding, maar vir dié wat volhard in sonde, tot veroordeling.

Ons totale lewe is dus een en al getuie van Jesus Christus. Al ons sintuie is betrokke. **Ons lewe Christus!** Wanneer ons so lewe, kan ons maar gerus in die parlement, stadsrade en studenterade dien.

Ons gaan Sondae kerk toe om ons soutgehalte te verbeter en om ons lig helderder te laat skyn, sodat ons kan teruggaan na die wêreld

Ons infiltreer die samelewing en probeer orals deelname verwerf om Christus se liefde uit te leef: sigbaar, hoorbaar, voelbaar, ruikbaar en smaaklik!

Ons is nie alleen betrokke in die samelewing nie, maar ken ook die maatskappy waarin ons lewe. Ons speel doelbewus in op die behoeftes van die postmoderne mens. Ons verstaan die mense na wie ons uitreik.

Paulus noem ons gesante van Jesus Christus (2 Kor 5:20). Ambassadeurs van die Koninkryk van die hemele. Ons lewer diens in 'n vreemde land (in die

wêreld, nie van die wêreld nie). Deur die Heilige Gees van God beskik ons oor die vermoë om die boodskap van ons Koning oor te dra in 'n ander koninkryk, nl dié van die wêreld. Ons is in staat om die kultuur van ons ontvangers sodanig te begryp dat ons die boodskap akkuraat en duidelik kan kommunikeer, in 'n taal wat vir hulle verstaanbaar is.

Wat weet ons van die sekulêre mens? Hoe kan ons hom die beste bereik? Ons weet dat die postmoderne mens

- sonder Christus vir ewig verlore is
- meestal onbekend is met die Christendom - veral wat taalgebruik betref
- na die lewe soek, NOU, voordat hy sterwe, omdat hy dink dat alles ná die dood verby is
- geen skuld ervaar a g v sonde nie
- 'n negatiewe siening het aangaande kerkmense en die instituut kerk
- dikwels eensaam voel
- nie maklik ander mense vertrou nie
- worstel met 'n lae selfbeeld vanweë egskeidings en gesinsverbrokkeling
- die kragte in die wêreld en in sy persoonlike lewe as buite beheer beskou
- soek na God, maar beweer dat hy Hom nie vind nie
- behoefte het aan spiritualiteit
- alles aan sy eie gevoel normeer
- geen vaste waarheid ken nie

Vra vrae vir jou buurman, kollega by die werk of aan die student met wie jy daagliks klas draf. Luister mooi na wat hy sê, sodat jy die beste pad ken waardeur jy Jesus Christus aan hom kan voorstel. Vrae soos: Wat is jou drome? Is jy bang vir die dood? Hoe hanteer jy jou eie begeerte om die verkeerde te doen? Wat is waarheid? Hoekom dink jy is daar soveel ellende in die lewe?

Lewer getuigenis van hoe Christus jou gehelp het om persoonlike probleme te oorgroei. Proklameer die hier-en-nou lewe sowel as die ewige lewe wat Christus belowe en skenk. Wys hom die nuwe lewe wat God deur sy Gees in jou werk.

Rig sy oog op Jesus Christus en bring hom in kontak met ander gelowiges. Sluit ware vriendskappe, sodat hy kan leer om ander te vertrou. Daardeur sal hy dit dalk ook waag om God te vertrou.

Straal steeds Jesus Christus se gesindheid van ware liefde uit deur werklik in sy lewe betrokke te raak. Wys hom daarop dat God altyd in beheer is en toon hoe jy krisisse daarom blymoedig hanteer.

*Die vyfde man wat sy intrek by my ma geneem het, het my stiefpa geword. Hy was 'n volslae alkoholis wat my ma gereeld geslaan het. Ek het g'n flenter omgee nie. Ook nie oor wat ek doen nie. Ek sou uit die lewe haal wat enigsins moontlik was. Was ek nie reeds deur drie van die mans gemolesteer en verkrag nie? Nadat ek my skoolloopbaan voltooi het, het ek 'n werk in die middestad gevind en vele mans toegelaat om my snags te besoek. Die enkele kere wat ek my ma besoek het, het ek haar Sondagoggende vergesel na die nuwe kerk wat drie strate verder oopgemaak het. My skok was groot toe ek ontdek het dat ek vier maande swanger was. Ek was bang vir 'n aborsie. My ma, wat lidmaat van die kerk geword het, was verbasend ondersteunend vir my. Sy het my steeds saamgeneem na haar kerk en die **gemeentelede het my in liefde ontvang en alle moontlike bystand verleen**. Tydens een van my swarmoedige buie het ek wanhopig voor my uitgestaar en gewonder: Hoe nou verder? Ineens het die woorde van die teks 'Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee' (Mt 11:28) in my hart opgeklank. Dit het vir my geklink asof Jesus Christus Self my met die woorde roep. 'Here, maar my las is te swaar!', het ek uitgeroep en in trane uitgebars. Ek het my hele hart teenoor Hom uitgestort en keer op keer geprewel: 'Here, vergewe my, vergewe my!' Daarna het ek so lig in my hart gevoel soos nooit tevore nie. Alhoewel dinge in my huis nie verander het nie, het God my lewe verander. **Vandag lewe ek blymoedig te midde van alle sorg en gebrokenheid**. Die trane wat ek stort, is nie meer trane van verdriet nie, maar dié van blydskap, omdat God my die ware Lewe gegee het.*

Ware verhaal (verkort en aangepas) van een van die lidmate van ons sendinggemeentes

Gee hoop aan mense deur te toon hoe Jesus Christus God 'n werklikheid maak en ons toelaat om in 'n verhouding met Hom te staan. Vertel hom van die enigste Weg, Waarheid en Lewe.

Dink jy nog steeds dat jy dit nie kan doen nie en dat evangelisasie nie vir jou is nie? Bedink dan dat God sy Gees aan jou gegee het en dat ons daardeur krag ontvang het. In die grondteks van Handeling 1:8 is die woord wat in Afrikaans met "krag" vertaal is, 'n woord wat ook "dinamiet" kan beteken.

Ons besit die dinamiet van die Heilige Gees. Bid daarom steeds tot die Here God om kragtig in jou te werk en jou tot lewende getuie van Hom te maak. Vra ook in nederigheid of Hy jou getuie wil gebruik om harte oop te breek, sodat verlore sondaars redding

kan ontvang. God versamel sy kerk en Hy sal diegene wat tot die ewige lewe uitverkies is, daarby voeg!

Henria Stolper is onderwyseres Bybelonderrig by die Gereformeerde Hoërskool Dirk Postma, dosent Bybelkunde en Pedagogiek by die Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) en skryf handboeke Bybelonderrig en Lewensoriëntering vir Arso (Aksie Reformatoriese Skoolonderwys). Sy is betrokke by evangelisasie-projekte op Genadeplaas.

AMAZING GRACE

'n film oor die storie agter die lied

Kuns & Kultuur

Amazing Grace, how sweet the sound..., so begin een van die wêreld se bekendste gesange. Verlede jaar het daar 'n film verskyn waarin 'n mens kennis maak met die agtergrond van hierdie gesang. Boonop word jy saamgeneem in die lewensgeskiedenis van 'n baie interessante persoon – William Wilberforce (1759-1833).

Die storielyn van die film

Die storie begin waar 'n ernstige siek William Wilberforce vakansie hou by sy neef, Henry Thornton, in Bath, Engeland. Hier word hy voorgestel aan sy toekomstige vrou, Barbara Spooner. Alhoewel hy aanvanklik glad nie lus is nie, haal sy hom oor om sy lewensverhaal te vertel.

Die storie gaan dan 15 jaar terug in die tyd (1782) en William vertel oor alles wat hom gebring het tot waar hy nou is. Hy het begin as 'n populêre politikus in die Britse parlement. 'n Paar vriende oortuig hom toe om die omstrede en gevaarlike kwessie van die afskaffing van die slawehandel in die parlement aan te spreek. Dit maak hom geweldig ongewild onder sy mede-parlementslede, omdat baie van hulle juis ekonomiese belange in die slawehandel gehad het. Uitgeput en gefrustreerd deur sy jarelange onsuksesvolle pogings, beland hy in Bath. Hy het alle hoop opgegee en wil die politiek verlaat.

Maar Barbara Spooner oortuig hom om wel daarmee voort te gaan. Hy het blykbaar van ander dinge ook oortuig geraak, want hulle trou binne 'n paar weke. William pak met nuwe moed weer die geveg aan. Onderwyl word hulle geseën met ses kinders. Aanvanklik word die praktiese uitvoering van die slawehandel feitlik onmoontlik gemaak deur 'n wet aangaande die vervoer van slawe op skepe. Wilberforce en sy groep slaag deur 'n lis daarin om die parlement die wet te laat aanneem, niksvermoedend

van die verwoesende implikasies daarvan op die slawehandel nie. In 1807 word die slawehandel toe uiteindelik afgeskaf binne die Britse Imperium.



Die film is op 23 Maart 2007 vrygestel om saam te val met die tweehonderd-jarige herdenking van die afskaffing van die slawehandel in Brittanje.

William Wilberforce

So 'n film prikkel die kyker om meer te wete te wil kom oor die historiese figure in die storie. Wie was hierdie William Wilberforce presies?

William Wilberforce is gebore in Hull, Engeland as seun van 'n ryk handelaar. Hy is nie lus om in die voetspore van sy pa te volg nie en volg 'n loopbaan in die politiek. Op 21 jaar is hy al verteenwoordiger vir die Tories in die Britse parlement.

In 1784 gaan hy op reis na Europa en ná die lees van Doddridge se boek *Rise and Progress of Religion in the Soul* vind daar 'n verdieping van William se geloof plaas. Hy begin die Bybel ernstig bestudeer en oorweeg dit om 'n geestelike te word. Die mense in sy omgewing raai hom egter sterk aan om in die politiek te bly. Deur sy stryd vir die afskaffing van slawehandel kan hy ook sy Christelike roeping vervul.

Hy voer sy stryd teen die slawehandel op grond daarvan dat dit moreel verkeerd is asook dat die manier waarop slawe in die skepe vervoer is, teen elke Christelike beginsel indruis. Dit is 'n moeilike stryd, omdat baie Britse burgers ekonomiese belange

in die slawehandel gehad het. Verder breek daar 'n oorlog met Frankryk uit en word daar gevrees dat afskaffing van die slawehandel die Britte in 'n te swak posisie teenoor die Franse sou plaas.



Ander sake waarvoor Wilberforce sy stem in die parlement dik gemaak het, is die bevordering van die moraal in die samelewing en die afskaffing van die Staatslotery. Hy was ook stigterslid van die Church Mission Society en die Society for the Prevention of Cruelty to Animals.


Nadat die regering 'n wet aangeneem het om die slawehandel te verbied, het Wilberforce voortgegaan om te stry teen slawerny in die algemeen. Hy is egter gehinder deur 'n swak gesondheid en moes baie van die werk aan ander oorlaat. Hy is op 29 Julie 1883 oorlede, slegs enkele dae nadat hy die nuus gehoor het dat die wet aangeneem is wat alle slawe in die Britse Imperium sou vrystel.

Amazing Grace

Een van Wilberforce se geestelike leiers was John Newton, die skrywer van die gesang *Amazing Grace*. John Newton was aanvanklik 'n kaptein van 'n slaweskip. Tydens 'n storm waarby sy skip amper vergaan het, het hy tot bekering gekom.

Hy leer homself Grieks en Hebreeus en kom onder die invloed van George Whitefield en John Wesley. Mettertyd word hy self 'n dominee in Olney, Buckinghamshire. Sy dienste word so goed besoek dat die kerkgebou vergroot moes word. Hy hou ook weeklikse bidure waarvoor elke week 'n nuwe gesang geskryf word. Dit is ook hoe die bekende *Amazing Grace* ontstaan het. Die lied is geïnspireer deur 1 Kronieke 17:16-17, die teks waarvoor Newton die komende Sondag sou preek. Hy skryf dit uit die perspektief van sy eie bekering as voormalige slawehandelaar.

In 1780 word hy aangestel as rektor van die St Mary



Woolchurch in Londen. Hier trek hy baie hoorders en beïnvloed vele, waaronder William Wilberforce. Newton was nie net 'n produktiewe gesangedigter nie, maar het ook uitgebreide verslae en briewe nagelaat. Baie van die inligting omtrent die slawehandel in die 18de eeu wat vandag bekend is, is aan hom te danke.

Aan die einde van sy lewe word hy heeltemal blind, maar hy bly nog voortgaan met sy werk. In die film sê hy met die woorde uit sy bekende gesang *I Was blind, but now I see* - aangrypend, noudat hy ligaamlik blind is, sien hy geestelik des te beter. Die lied *Amazing Grace* het deur die jare baie populêr geword onder Christene oor die hele wêreld, veral omdat dit die grootheid van God se genade so goed beskryf. Tydens die Amerikaanse burgeroorlog was dit baie gewild aan beide fronte. Deesdae word dit ook graag gesing by alkohol- en dwelm-rehabilitasiegroepe in Amerika waar mense getuig hoe hulle *once were lost, but now are found*.

Die film eindig met 'n pragtige uitvoering van die lied deur Skotse doedelsakke – 'n instrument waarmee die lied deesdae meestal geassosieer word.

Amazing grace! (how sweet the sound)
That sav'd a wretch like me!
I once was lost, but now am found,
Was blind, but now I see.

'Twas grace that taught my heart to fear,
And grace my fears reliev'd;
How precious did that grace appear,
The hour I first believ'd!

Thro' many dangers, toils and snares,
I have already come;
'Tis grace has brought me safe thus far,
And grace wil lead me home.

The Lord has promis'd good to me,
His Word my hope secures;
He will my shield and portion be,
As long as life endures.

Yes, when this flesh and heart shall fail,
And mortal life shall cease;
I shall possess, within the veil,
A life of joy and peace.

The earth shall soon dissolve like snow,
The sun forbear to shine;
But God, who call'd me her below,
Will be forever mine.

Feit of fiksie

'n Interessante vraag by 'n historiese film is in hoeverre dit historiese is en in hoë mate die teksskrywer die geskiedenis aangepas het om die storie meer boeiend te maak.

Dit lyk asof dit redelik historiese is en dat daar moeite gedoen is om die feite getrou weer te gee. William en Barbara Spooner is byvoorbeeld inderdaad binne ses weke getroud na hulle eerste ontmoeting. Wat glo weer nie waar is nie, is dat Henry en Mariaan Thornton hulle twee aanmekeer wou koppel, soos wat dit in die film voorgestel word. In werklikheid was die egpaar Thornton baie minder entoesiasties oor 'n huwelik tussen William en Barbara.

As ander kritiek word genoem dat aan Thomas Clarkson nie die erkenning gegee word wat hy verdien

nie. In die film speel hy 'n klein rol in die Britse beweging teen slawerny, terwyl hy in werklikheid 'n leiersrol vervul het. As ander historiese onjuistheid kan opgemerk word dat in die film die gesang *Amazing Grace* verskeie kere gesing word op die populêre wysie waarop hy vandag ook gesing word. In werklikheid is daardie wysie egter eers jare later bygevoeg.

Hierdie is egter kleinighede. Oor die algemeen skep die film 'n baie goeie indruk en kan 'n mens dit vrymoedig aanbeveel. Daar is min films wat 'n mens kan kyk en dan boonop onder die indruk kan kom van God se genade – onbeskryflik groot!

Jenny Boon het 'n graad in Beeldende Kunste.

Is ons KERKREGERING werklik die BESTE?

Klip in die bos

Wie regeer die kerk? Alle gereformeerdes sal antwoord: Christus. En dit is reg. Hy doen dit deur sy Woord en Gees. Maar Christus regeer deur die bemiddeling van mense. Predikante, sendelinge en ouderlinge bedien sy Woord aan die gemeentes en lidmate. Sy Gees werk in en deur die harte van gelowiges. Steeds is mense betrokke om Christus se regering van die kerk gestalte te gee en uit te voer. Graag wil ek 'n paar gedagtes met u deel spesifiek oor hierdie menslike komponent van die regering van die kerk.

In die Christelike kerk is daar verskeie maniere waardeur kerke regeer word. Die oorsaak is dat daar nie spesifieke voorskrifte in die Bybel staan oor hoe presies die Nu-Testamentiese kerk regeer moet word nie.

Ons lees in Hande-linge 14:23 slegs dat Paulus en Barnabas in elke kerk wat deur hulle gestig is, oudstes aangestel het. Net so gee Paulus ook aan Titus opdrag (Tit 1:5) om in elke stad oudstes aan te stel. Hierdie oudstes vorm 'n raad wat die plaaslike kerk regeer.

Die Rooms-Katolieke Kerk meen dat die regeermag van Christus oorgedra is op die hoofbiskop, die pous. Vanuit Rome regeer die pous die hele internasionale Rooms-Katolieke Kerk en oefen hy selfs politieke invloed uit deur pouslike gesante (*nuntii*). Dit is 'n **hiërargiese stelsel** van kerkregering, van bo af. Waar volgens die Roomse opvatting die kerk **bo** die wêreldlike regerings staan, meen die Luterse kerke hulle staan **onder** die gesag van die wêreldlike regerings. Die Duitse landvorste het "konsistories" aangestel, bestuursliggame vir die kerk wat bestaan uit regsgeleerdes en teoloë (dit is dan ook die "**konsistoriale**" **stelsel** van kerkregering genoem). Die predikante staan onder toesig van superintendente. Daar is dus 'n skeiding tussen organisatoriese en geestelike regering van die kerk. In die ou gereformeerde Nederland het die "**kollegiale**" **stelsel** van kerkregering ontstaan. Soos by 'n landelike vereniging van klubs, sluit 'n aantal plaaslike kerke 'n ooreenkoms om bestuursgesag oor te dra aan kerklike bestuursliggame (bv 'n sinode of breë moderatuur) met 'n gesamentlike

reglement of kerkorde. Die plaaslike gemeentes word dus afdelings van die een landelike kerk.

Die ander uiterste is die **independentistiese kerke**, waar selfstandige plaaslike kerke min of meer onafhanklik van mekaar funksioneer, maar elke nou en dan in konferensies bymekaar kom om gemeenskaplike verklarings op te stel of nie-bindende aanbevelings te maak vir die plaaslike kerke.

Die gereformeerde kerke het 'n tussenvorm van kerkregering tussen die twee laastes in. Dit word die "**presbiteriale**" **stelsel** genoem, die regering van die plaaslike kerk deur presbiteres of oudstes (van die woord "presbutes" = ou man, wat saam 'n "presbution" = raad van oudstes kan vorm). Die plaaslike kerk vorm die liggaam van Christus (soos wat Paulus skryf aan die kerk in Rome in Romeine 12:5) en funksioneer as selfstandige kerk, maar vorm wel 'n eenheid met die ander kerke (bv Hand 9:31 en Hand 15:22-31). Die orde in die kerke word gemeenskaplik ooreengekom in 'n kerkorde (soos die Kerkorde van

Dordrecht - DKO) en die kerke het 'n gemeenskaplike belydenis (soos die Drie Formuliere van Eenheid). Die kerkraad vorm die enigste bestuursliggaam van die plaaslike kerk. Vergaderings van meerdere kerke saam (klassies of sinodes) het slegs afgeleide en geringere gesag as die kerkrade. Daarom moet besluite van hierdie "meerdere vergaderings" deur kerkrade "geratifiseer" (vir plaaslike gebruik of toepassing aanvaar en bekragtig) word, al dan nie. Kerke sal nie oor mekaar heers nie, volgens art 83 (ou 85) DKO.

Hierdie regeervorm van die plaaslike kerk het sy ontstaan in Nederland, in 'n land met min of meer homogene kerke. Die presbiteriale stelsel is duer die eeue fyngeslyp en bevat dus 'n waardevolle leerproses. Tereg is daar 'n beklemtoning van die selfstandigheid van die plaaslike kerke en 'n afkeer van oorheersing van een kerk oor 'n ander. Maar is dit ook nog die beste regeervorm vir 'n ander kontinent met verskillende tale en kulture, met ou en jong kerke, met kerkrade met uitvoerige of met bitter min ervaring? Werk hierdie stelsel van kerkregering die beste in die nuwe Suid-Afrika en gee die kerke op hierdie manier die beste steun aan mekaar? Ek meen ons kan gerus 'n slag hieroor besin.

Wanneer jong kerke wat uit sendingwerk ontstaan het, geïnstitueer word, moet hulle vanuit die staanspoor begin funksioneer as selfstandige kerke. In sommige gevalle word ook eers op hierdie stadium ouderlinge verkies wat die nuwe kerkraad vorm. In gevestigde kerke is daar lidmate wat die kerkraad kan benoem in verskeie

hulpkommissies, soos vir finansies, preekvoorsiening, gemeente-opbou of sending, terwyl daar deurgaans ook 'n ervare skriba is. In jong gemeentes het die kerkraad deurgaans maar min geleentheid om van sulke hulp-kommissies gebruik te maak en moet hulle alles nog self doen en begin leer om as kerkraad te funksioneer. Hulle word dus op 'n gereformeerde manier "aan die diep kant ingegooi".

Ek kan my voorstel dat dit 'n baie kwesbare begin is vir 'n jong gemeente en wonder of dit die beste manier is hoe daar as susterkerke met 'n gemeente van Christus omgegaan moet word op hierdie kritieke stadium. En selfs waar ouderlinge reeds aangestel word voor selfstandigwording, die ampsdraers deur die sendeling toegerus is en daar 'n plaaslike predikant is, sal dit vir hulle nog steeds moeilik wees om onmiddellik by selfstandigwording van die kerk as selfstandige kerkraad te funksioneer. Natuurlik is daar die klassis en die konsulent wat aangewys word (moontlik die ou sendeling wat die gemeente goed ken). Maar die klassis vergader twee keer per jaar en kan nie steeds tydsame en praktiese adviese gee nie. En die sendeling beweeg aan na 'n nuwe sendings-terrein of sendingtaak en verloor kontak met die jong gemeente.

Die kerkregering in gereformeerde kerke in Skotland is ook presbiteriaans, maar daar regeer die kerkraad ("presbytery") 'n aantal kerke, bv in dieselfde stad. Elke kerk verkies sy ouderlinge wat deel vorm van die gemeenskaplike "presbytery". Dus, elke kerk is wel verteenwoordig, maar word op 'n

breë vlak regeer en bestuur. In so 'n geval sou dus jong kerke of kerke met min mannekrag of ervaring makliker regeer kon word as wanneer hulle op hul eie sou moes funksioneer. Ook sou die wanbalans wat daar tussen 'n goed opgeleide predikant en swak toegeruste ouderlinge sou kon wees, dan oorbrug word. So sou 'n mens kon dink aan 'n "presbytery" vir die groter Pretoria of Kaapstad, waar twee of drie kerke deur een sentrale "presbytery" regeer word. Die verskillende kerke sou dan 'n pastorale wyksraad kon vorm vir die spesifieke bediening van elke kerk.

'n Ander oplossing binne die bestaande kerklike strukture sou kon wees dat die klassis een of twee ervare broers vir 'n jaar aan die nuwe kerkraad as adviseurs toewys. Dit sou ook moontlik wees dat die kerkrade van twee (ervare en onervare) susterkerke elke nou en dan saam vergader. Vanuit die gesindheid van "nie oor mekaar heers nie" behoort adviese in goeie gesindheid opgevolg te word, in erkenning aan elkeen se verantwoordelikheid. Maar "paternalisme" bly hier 'n gevaar. Daar is seker nog ander (beter?) maniere om mekaar as kerke "tot 'n hand en 'n voet te wees". Ek dink dit is sake waarvoor binne ons kerke nagedink behoort te word, sodat ons mekaar die beste ondersteun om kerk van Christus te wees binne ons kerkverband en binne ons samelewing. Selfs al sou ons ons Kerkorde hierby moes aanpas, is die welsyn van die kerke belangriker as goeie reëls uit die verlede.

Hans Moes is 'n lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.

Van die REDAKSIE(span)

Redaksioneel

Dit mag vir die leser duidelik wees: om 'n blad soos *Kompas* op 'n maandelikse basis die lig te laat sien, verg meer as net drie gewillige gemeentelede, 'n dominee en 'n drukker. Dit verg spanwerk, goeie beplanning en kreatiwiteit. En bowenal 'n klomp entoesiastiese mense wat bereid is om tyd en energie te gee aan die uitgawe van hierdie blad. **Die eindredaksie is bevoorreg om deel te wees van so 'n span en ons wil hulle graag aan u voorstel.** As u 'n spesifieke onderwerp wil aanspreek of voorstelle en idees het, kan u die sub-redakteur vir die betrokke rubriek kontak (sien asb kontakbesonderhede **op die laaste bladsy**) :

Rubriek	Sub-redakteur
Kerknuus	Elna de Bruijne
Venster op die Bybel	ds Pieter Nel
Onderwys en Opvoeding	Heleen Snijder / Wilma Pouwels
Elders Gelees	ds Erik van Alten
Samelewing en Politiek	Willie Spies
Leer en Lewe	ds Kees Kleijn
Wetenskap en Tegnologie	Lodewijk Ijlst
Medies	dr Theo de Vries
Geskiedenis en Kerkgeskiedenis	dr Jan Meijer
Sending en Evangelisasie	Jan de Mooij
Kuns en Kultuur / resensies	Jenny Boon
Klip in die Bos	Hans Moes
Onderhoude / Verslae	Greet de Vries

Verder is Margriet de Mooij en Ingrid Klapwijk verantwoordelik vir onderskeidelik die taalversorging en uitleg van die blad. Die administrasie is in die betroubare hande van Louise Ros.

Ons nooi u uit om u insette te gee oor hoe om deur middel van hierdie blad werklik 'n "rigtingwyser vir die gereformeerde lewe" te kan wees. Wanneer ons in hierdie doel sou slaag, hoop ons natuurlik dat die blad ook wyd gelees sal word en tot gereformeerde denke en gesprekke sal opwek. In daardie opsig hoop ons dat u die blad ook by gemeentelede en vriende sal aanbeveel en dat die lesergetalle so sal uitbrei.

Om die ou gesegde van die haarkapper te gebruik: "Wanneer u tevrede is met *Kompas*, vertel dit aan u vriende – indien nie, vertel dit aan ons."

Namens die redaksie
Jan de Mooij

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn** : Shammah 26, Theunisstr, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 / dskleijn@mailshack.com
- **Rev T Mogale** : 19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 / t.mogale@telkomsa.net
- **Rev MP Magagula** : 575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 / magagula@telkomsa.net
- **Ds P Nel** : Fratesweg 775, Rietfontein, Pretoria, 0186;tel 012 331-0931 / rufusnel@mweb.co.za
- **Ds E Viljoen** : Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530; tel 021 919-9149 / eviljoen7@absamail.co.za
- **Ds HH van Alten** : Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 / hhvanalten@vgkmaranata.org.za

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Dr JA Breytenbach** : Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 / hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds CF Nicholson** : Patoustr 33, Amanda Glen 7530; tel 021 975-9994 / c.nicholson@absamail.co.za
- **Ds PG Boon** : Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Rev J Mhlanga** : Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za

BOEKEnuus

- **Malan, C J e a: "Wees oor niks besorg nie..."
Die diaken op huisbesoek**

Die doel met hierdie boekie is om die diaken leiding te gee in sy huisbesoek en ampswerk. Alles wat te doen het met bevordering van die onderlinge gemeenskap in die kerk lê op die terrein van die diaken. Die diaken is nie alleen bedienaar van die Christelike liefdesgemeenskap nie, hy moet sorg dat die lidmate in sy wyk dit ook word en bly. (72 bladsye – R 25)

- **Askes, Henk: Die ouderling vandag**

Die bibliografie van hierdie boek getuig van 'n deeglike studie deur die skrywer oor die taak van die ouderling. Die handleiding dek 'n wye veld, vanaf 'n prinsipiële besinning oor die amp van die ouderling, tot die verkenning van die verskillende fasette van die werk van die ouderling. Die boek is deur 'n ouderling geskryf en konsentreer daarom op die werklike praktyk van die ouderling se dienswerk. (145 bladsye – R 75)

- **Smit, Neels: Die nuwe ouderling**

Die diens van die ouderling gaan in tye wat kom van onberekenbare belang wees vir die behoud van die gereformeerde leer en die gereformeerde kerke. Die boek lewer 'n waardevolle bydrae omdat dit rekening hou met die groot eise wat vandag aan die kerk en aan die ampsdraers gestel word. "Dit plaas die ouderling – en ook die predikant – as herders as't ware in die huise van die lidmate." Van besondere praktiese waarde is die meer as 130 kort Skrifoorndenkings vir huisbesoek, gerig op verskillende lewensituasies aan die einde van die boek. (169 bladsye – R 60)

- **Knepper, J A: Wholesome Communication**

Vertaling van die Nederlandse uitgawe *Het Heilzame Gesprek*. Hierdie boek is nie net gemik op die nuwe en die ervare ampsdraers nie, maar op elke kerklidmaat wat homself beter wil bekwaam om in die praktyk met meer oortuiging en blydschap gesprek te kan voer oor ons verlossing in Jesus Christus. (104 bladsye – R 108)

NUWE PUBLIKASIES

- **Wierenga, W: Ambassadeurs in Jeruzalem.**

Bybelstudies oor Handeling 1-8. Uitgegee in die Woord & Wereld reeks. (No 73)
(126 bladsye – R 95)

- **De Wolf, Joh: 5 bijbelstudies over Joël**

Uitgegee deur De Bond van Gereformeerde Jongerenverenigingen in Nederland. Geskik vir gesamentlike bybelstudies.
(48 bladsye – R 83)



FOLMER BOEKHANDEL

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530

Tel: (021) 948-5883

e-pos: folmerboek@telkomsa.net

Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)
(Irene van der Meer)

Laseandralaan 115

0186 Mōregloed

Tel/Faks: (012) 333 8064

e-pos: folmerpta@mweb.co.za

Posbus 26489

0031 Gezina

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Freek van der Meer
Louise Ros (administrasie)

Posbus 23931, Gezina, 0031
Tel 012 332 0127
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vqk.org.za

Drukker:

Printburo Tel 012 335 9134

Redaksie:

Ds Erik van Alten
Jan de Mooij
Greet de Vries
Marlene de Vente

Subredakteurs:

Venster op die Bybel:

Ds Pieter Nel

Onderwys en Opvoeding:

Heleen Snijder

Wilma Pouwels

Elders Gelees:

Ds Erik van Alten

Samelewing & Politiek:

Willie Spies

Leer en Lewe:

Ds Kees Kleijn

Wetenskap & Tegnologie:

Lodewijk IJlst

Medies:

Dr Theo de Vries

Geskiedenis & Kerkgeskiedenis:

Dr Jan Meijer

Sending & Evangelisasie:

Jan de Mooij

Kuns & Kultuur/Resensies:

Jenny Boon

Klip in die Bos:

Hans Moes

Onderhoude/Verslae:

Greet de Vries

Redaksiadres:

Cunninghamlaan 1301
Waverley 0186
e-pos : kompas@vqk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos : R50
RSA per hand : R100
RSA per pos : R125
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

Advertensies

Strand/Gordonsbaai,
3-slaapkamer (2-badkamer)
gemeubileerde vakansiewoonstel te
huur op grondvloer met groot, sonnige
stoep; 50m van die see (direkte
toegang,
geen pad tussen-in).
Tel: 083 469 9767 of www.savenues.com/visit/capesurprise/

□ ■ □ ■ □

Indien u **Kompas** as 'n geskenk wil
gee of van iemand weet wat dalk
belangstel, is u welkom om die
besonderhede van die persoon aan die
administrasie deur te gee.

□ ■ □ ■ □